Kreatiewe analise van taalgebruik

W.Gs Hellinga en H. van der Merwe Scholtz

bron
W.Gs Hellinga en H. van der Merwe Scholtz, *Kreatiewe analise van taalgebruik*. Noord-Hollandsche Uitgevers Mij. / J.L. van Schaik, BPK. Uitgewers, Amsterdam / Pretoria 1955

Zie voor verantwoording: https://www.dbnl.org/tekst/hell014krea01_01/colofon.php

Let op: boeken en tijdschriftjaargangen die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn. Welke vormen van gebruik zijn toegestaan voor dit werk of delen ervan, lees je in de gebruiksvoorwaarden.

dbnl digitale bibliotheek voor de Nederlandse letteren

Woord vooraf

In de cursus 1946-1947 werd aan de Universiteit van Amsterdam een candidaten-college gegeven over het onderzoek van taalgebruik. De opvattingen over de doelstelling en de methode van een linguistische stilistiek, zoals die behandeld waren in de inaugurele rede over De neerlandicus als taalkundige *(Amsterdam, december 1946), werden nader uitgewerkt en onderzocht op grond van een analyse van het gedicht 'Om mijn oud woonhuis peppels staan' van J.H. Leopold. Door het verlenen van opdrachten en uit de discussies over de principes vormde zich daarop een kern, de zg. Amsterdamse Werkgroep voor Stilistiek op Linguistische Grondslag. Daarbij gingen een aantal oudere candidaten en enkele afgestudeerden met de hoogleraar vrijwillig de verplichting aan, gemeenschappelijk bereikte resultaten niet dan na onderling overleg te publiceren of voor publicatie beschikbaar te stellen.*

Voor de eerste maal werd, in het kader van de afspraak, uitgegaan van de behaalde resultaten in het Amsterdamse proefschrift Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise. Eugène Marais: Die Towenares, *waarop Scholtz in mei 1950 promoveerde. In zekere zin gold de afspraak ook nog voor het proefschrift (gebaseerd op een Amsterdamse doctorale scriptie)* Die taal as tolk: 'n Stilistiese analise (van *Maria* deur Elisabeth Eybers), *waarop C.J.M. Nienaber in januari 1953 promoveerde aan de Universiteit van Pretoria. Toch behoefde het toen niet meer met zoveel woorden gezegd te worden; de Werkgroep was namelijk na de cursus 1949-1950 uiteengegaan en beschouwde het gemeenschappelijk verrichte onderzoek als voltooid.*

De bereikte resultaten en met name de principiële grondslagen, werden daarna opnieuw onderzocht en voor een deel

ook gewijzigd door de beide schrijvers van dit boek zonder dat daarbij veel contact mogelijk was. Van het voornemen om de resultaten van vier jaar stilistisch onderzoek samen te vatten en te publiceren, moest juist door de noodzakelijk gebleken heroriëntatie worden afgezien. In Amsterdam werd toen vooral gewerkt aan de principieel linguistische en grammaticale problemen; in Pretoria aan nieuwe linguistischstilistische principes en aan de literatuurkundige perspectieven. Dit laatste kwam reeds spoedig tot uitdrukking in de vruchtbare gedachtenwisseling tussen Prof. G. Dekker en Scholtz: in 1951 verschenen in Standpunte *hun opstellen* 'n Stilistiese ondersoek *(Jrg. V-3) en* Stilistiek en literatuurwetenskap *(Jrg. VI-1). Wij verwijzen in de eerste plaats daarheen diegenen die na lezing van het derde hoofdstuk in dit boek vooral geïnteresseerd zijn bij het mogelijk nut van onze strikt linguistische methode voor de literatuurwetenschap.*

In december 1953 werd voor enkele maanden rechtstreekse samenwerking opnieuw mogelijk door een subsidie van de 'Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing', waarvoor aan dit Instituut hierbij oprechte dank wordt betuigd. Het resultaat is dit boek. Zonder een jarenlange voorbereiding in de kring van de Amsterdamse Werkgroep zou het niet geschreven zijn. Allereerst gaat de dank van de schrijvers dan ook uit naar diegenen die van 1946 tot 1950 hebben meegewerkt aan het stilistisch onderzoek, dat de deelnemers langs vele wegen en vooral ook dwaalwegen heeft gevoerd. Al zullen deze de principes voor het stilistisch onderzoek op linguistische grondslag zoals die thans hier geformuleerd zijn, in hun dictaten en aantekeningen in vele gevallen niet, in andere nauwelijks meer terugvinden, toch mogen zij ervan overtuigd zijn, dat, zó er hier iets bereikt is, het mede als vrucht van hun werken en van hun enthousiaste toewijding aan een tartende taak beschouwd moet worden. Uit de velen noemen wij hier in het bijzonder Mejuffrouw B.J. Uylings, lit. dra., en de heren F. Lulofs, lit. drs., Dr. B.Th.M. Tervoort S.J. en R.J. Zoethout, hist. drs.

Niet minder groot is het gevoel van verplichting en dankbaarheid dat de schrijvers hebben tegenover de linguist van de Universiteit van Amsterdam, Prof. Anton Reichling. Door zijn streven naar een strikt linguistische probleemstelling en een strikt linguistische methode van onderzoek, in zijn publicaties en in zijn colleges, wordt het denken van allen die onder zijn leiding of in contact met hem tot taalkundigen zijn gevormd, beheerst. Ook daar waar in dit boek in principieel opzicht afgeweken wordt van opvattingen van Reichling, was zijn werk, zijn 'leer' zou men bijna kunnen zeggen, de meest noodzakelijke voorwaarde om tot zulk een conclusie te kunnen komen.

Het was een groot voorrecht, dat alle principes die in dit boek behandeld zijn, evenals de demonstraties van analyse die hierin worden gegeven, in de drie maanden van onze samenwerking voortdurend besproken konden worden met Prof. N.P. van Wyk Louw (Universiteit van Amsterdam) en Prof. J. du Plessis Scholtz (Universiteit van Kaapstad). Hun oordeel - systematisch, hardnekkig, en altijd opbouwend, ook als het afwijzend was - heeft het gehele werk doortrokken. Maar niet minder dan hun voortdurende, deskundige belangstelling was hun vriendschap een kostbare stimulans bij het werk dat, in verband met subsidie en verleend verlof, toch nog onder druk moest geschieden. Dit geldt bovendien voor allen die wekelijks in kleine kring aan het bespreken van de vorderingen en pogingen deelnamen. In het bijzonder danken wij, naast de andere leden van de Staf voor neerlandistiek, de assistente voor Nederlandse Taalkunde Mevrouw dra. F. Balk-Smit Duyzentkunst die een bijdrage leverde tot verschillende analyses en alle resultaten van linguistisch standpunt kritisch beoordeeld heeft.

Evenmin mag onvermeld blijven - hoezeer deze collega het ook overbodig vindt dat de dank met zoveel woorden wordt geformuleerd - welk een tijd en aandacht Prof. van Wyk Louw aan het gereedkomen van deze uitgave heeft willen geven door de kopij na voltooiing op formulering en

verder taalgebruik kritisch door te lezen en door de drukproeven mee te corrigeren.

Zo is dit boek dan een vrucht geworden van samenwerking en vriendschap tussen Nederlanders en Afrikaners. Mogen zij wier namen in dit voorwoord niet genoemd worden de opvatting delen met de schrijvers, *dat uiteindelijk elk wetenschappelijk werk een anonieme auteur heeft: een cultuurgemeenschap*, *reikend buiten toevallige nationale grenzen*, *teruggrijpend naar een verleden dat de cultuuraspecten van elk nieuw heden draagt. Daarom is het in zulke gevallen eigenlijk beter om niet te zeggen dóór wie*, *maar vóór wie zulk een werk ondernomen werd. In dit geval geschiedde het voor allen die in hun liefde voor taal en literatuur in de eerste plaats gebonden zijn aan het Afrikaans en aan het Nederlands als hun moedertalen. Moge het resultaat niet te ver achterstaan bij het ideaal*.

W. Gs HELLINGA
H. VAN DER MERWE SCHOLTZ

Amsterdam-Pretoria, *januari 1955*

Hoofstuk I
Die probleemveld van die stilistiek

Die taal is 'n simboliese ‘tussenwêreld’ wat ons in die ‘eintlike’ wêreld as handelingsmiddel aanwend. Dit is 'n handelingsmiddel wat ons kàn toepas indien ons Umwelt problematies word. Dit hóéf nie, dit kàn. Ons reaksie is m.a.w. vry, ons is in staat om te kies: ons kan, soos 'n by dit móét doen, lyf-lik reageer op die problematiese; ons kan ook, danksy ons beskikking oor die simboliese vorme waarin die werklikheid deur waarneming getransponeer is, die handel-wyse van die taalgebruik toepas. En hierdie handeling bestaan daarin dat ons onderhandel. Taalgebruik is naamlik 'n sosiale feit en dit geskied met behulp van tradisionele, histories gegewe simboliese vorme wat funksioneel gesistematiseer is.

Wat hierdie simboliese vorme *kàn* doen, dit leer nou die grammatika. Wat die simboliese vorme ‘*in feite*’ doen, d.w.s. binne 'n bepaalde situasie wat deur die gegewe vorme tot taalsituasie gekonstitueer word, dit ondersoek die stilistiek.

1.

Die stilistikus met 'n suiwer linguistiese probleemstelling onderskei hom van stilistici met ander metodes[1] daardeur dat hy hom enkel bemoei met wat *op die wyse van die taal gegee word*. En as hy hom dan nougeset hou aan die taal wat aanvanklik vir elkeen van ons so vanselfsprekend en daarom onproblematies bly, dan kan hy tot die ontdekking kom dat die taal hom in die praktyk soos twee soorte ‘brandstof’ gedra: die taal-in-aksie is soms petroleum wat, ter wille van die feitelike vordering in myle, gedagteloos

1 Vir 'n oorsig oor die verskillende metodes van stilistiese ondersoek vergelyk W. Kayser, *Das sprachliche Kunstwerk*, 1954[3], hoofstuk IX: *Der Stil*.

verbrand word; maar af en toe is hy jenewer wat ook om sy eie ontwil op die tong wil vertoef en nie bloot ter verwekking van die roes weggesluk en geoksideer wil word nie.

Om die waarheid te kontroleer van die stelling wat ons hierbo voorlopig ver-beeld het, hoef ons ons maar net te rig op bepaalde gevalle van taalgebruik.

In 'n *gesprek* bly die gespreksgenote gewoonlik nie in of aan hulle woorde hang nie. Daar word gehandel met simboliese vorme wat hulle funksie as tussengangers[1] pas dan vervul wanneer hulle self opgehef word, wanneer hulle dus plek maak vir die feitelikhede wat hulle, danksy die werklikheidstellende aspek van die taalgebruik, kan aanbied. Vanuit 'n linguistiese standpunt kan daar daarom ook nooit sprake wees van 'n *woordewisseling* nie. Wat wèl gebeur, is dat die gespreksgenote, deur middel van die tradisionele simboliese vorme, oor en weer *feitelikhede* aan mekaar aanbied. Daarom is taalgebruik in 'n taalsituasie soos die gesprek meestal letterlik 'n woordverspilling, sodat 'n mens hier eerder van taal*verbruik* sou kon praat. Dieselfde geld trouens vir visueel-aangebode taalvorme wat eweneens verbruik word en dus verdwyn. Hier moet die lesende oog die letters verbruik. Want die letters moet verdwyn voordat die visueel-aangebode woordvorm gekonstitueer word.

Hoe die taal verbruik word ter wille van die aanbieding van feitelikhede, kan ons illustreer aan 'n gesprek waarin die feite-aanbieding versteur word deur twee faktore: 'n *feitelike versperring* en 'n *vormafleiding*.

Twee vroue loop mekaar raak op straat, blosend van bose opwinding aangesien hulle hulle pas te buite gegaan het aan al die mooi dinge wat in die winkelvensters ten toon gestel word[2]. Mevrou A is vergesel van haar eggenoot, hierdie keer enkel in die hoedanigheid van pakesel; hy neem daarom

1 Die simbool is iets in die plek van iets anders: aliquid pro aliquo.

2 Die beperkte inligting wat ons hier verskaf, is geen ‘windowdressing’ nie, maar 'n integrale deel van die gespreksituasie waarbinne die woorde hier funksioneer.

ook nie deel aan die gesprek wat tussen die twee vrouens losbrand nie. Sy vrou, dus mevrou A, het nog meer gekoop as mevrou B en sy vertel nou aan haar effens afgunstige vriendin van 'n reuse-uitverkoping waar sy pas van alles en nog wat gekoop het: 'n matroospakkie vir klein Jannie en vir haarself ses paar van die nylons waarna sy al so lank so naarstiglik gesoek het.

> '*En raai*, *Louise*', *so vervolg sy triomfantelik*, '*toe ek my omdraai met die nylons nog koopvars in my hande*, *toe sien ek 'n pragstuk van 'n rebra wat ek onmiddellik vir die belaglike prys van vyftien sjielings gekoop het*.'

As mevrou B nie so nuuskierig en so afgunstig was nie, sou sy op die woord 'koopvars' kon gereageer het. Maar sy móét eenvoudig weet *wàt* gesê word, wat m.a.w. as *feitsaak* ('gekoopte rebra') aangebied word. En nou reageer sy dus op een van twee maniere. Sy kan vra: 'Wat sê jy daar?' en sy kan ook vra: 'Maar wat het jy tog in hemelsnaam gekoop?'

Die eerste antwoord sou hom kon voordoen indien Louise meen dat sy *sebra* gehoor het. En hoe sy ook al van die koopwoede van haar vriendin oortuig is, dit lyk vir haar tog ondenkbaar dat dié in 'n modewinkel 'n sebra sou kon gekoop het. Of dit moes 'n (uiters bonte!) bontmantel gewees het wat in ieder geval nie vir vyftien sjielings te koop sou gewees het nie.

Die tweede antwoord ontval Louise indien sy nie op die hoogte is van alles wat daar in 'n modewinkel te koop is nie. Maar intussen staan sy in albei gevalle voor die probleem dat sy nie weet waaroor dit *in feite* handel nie. Hier is dus sprake van 'n *feitelike* versperring.

En nou die swygende eggenoot. Hy praat selfs nou nog nie, maar indien hy die lus en die geleentheid sou gehad het om sy vrou te antwoord, dan sou hy wou gesê het: 'hoe mooi kan jy tog die pynlike dinge verwoord!'

Meneer A sou daarmee nie gereageer het op die in-taalgestelde feit ‘rebra’ nie - hy was immers saam met sy vrou in die modewinkel en die feitelikheid van ‘rebra’ is hom maar al te pynlik bekend. Hy reageer naamlik op die *vorm* ‘koopvars’, waarmee nie gesê word dat die feitelikheid waarop hierdie vorm slaan, hom ontgaan het nie[1].

'n Psigoloog sou hiervoor 'n verklaring kon vind. Die arme vent klem hom miskien aan die vorm vas om sodoende die pynlike feitelikhede ten minste gedeeltelik te demp. Maar dit gaan ons hier nie om 'n *verklaring* nie, slegs om 'n *beskrywing* van die in-taal-gegewene. Daarom konstateer ons enkel: die vorm ‘koopvars’ word gereleveer en nou is daar nie meer enkel sprake van die feitelikheid wat deur die vorm aangebied word nie. Daar is nou ook letterlik ‘sprake van’ die wyse waarop hierdie feitelikheid in taal gegee word.

Ons kan, om skerper te formuleer wat hier taalkundig aan die hand is, gebruik maak van Reichling se *saakbegrip*. ‘Een zaak’, aldus Reichling, ‘is voor ons datgene waar we met behulp van een woord over spreken’[2]. Die analise van die winkelpraatjie het ons nou op die spoor gebring van twee maniere van versaakliking. In die gevalle waar die taal gewoon *verbruik* word, word enkel *feitsake* aangebied. Maar in die geval ‘koopvars’ word ook die *taalvorm* mede aangebied of *versaaklik* omdat die mevrou gebruik gemaak het van 'n opvallende[3], d.w.s. nie tradisioneel gegewe taalvorm. Die taalvorm word m.a.w. nie volledig *verbruik* nie en word *medesaak* naas die feitsaak wat deur die betrokke taalvorm aangebied word. Omdat hierdie feitsaak steeds gegee word,

1 Vir die dwaling wat hier vir 'n mens op die loer lê, vergelyk bls. 20.

2 *De Taal*, *haar Wetten en haar Wezen*, in *Eerste Nederlandse Systematisch Ingerichte Encyclopaedie*, II, 1947, bls. 39, kolom 1.

3 Wanneer ons die term ‘opvallend’ gebruik, hanteer ons steeds 'n linguistiese begrip waarmee ons enkel aangee dat 'n vorm nie binne die tradisioneel gegewe taalsisteem lê nie. Of 'n dergelik ‘opvallende’ vorm 'n leser of 'n hoorder opval, is 'n psigologiese aangeleentheid waarop ons nie ingaan nie.

is hier geen sprake van 'n versperring soos by ‘rebra’ nie, maar bloot van 'n vorm*afleiding*. En ons praat dus in die vervolg van *versaakliking* wat *feitsake* of *feitsake* èn *vormsake* tot gevolg kan hê[1].

Hierdie mede-versaakliking van die taalvorm moet nie verwar word met die woord in sy sogenaamde ‘selfnoemfunksie’ nie. In die sin: ‘tafel is 'n selfstandige naamwoord’, noem ‘tafel’ nie 'n tafel-feitsaak nie, maar hy noem homself in sy hoedanigheid van taalkategorie. Die *taalvorm* ‘tafel’ word dus as *feit*saak aangebied en ons het hier geen dubbele versaaklikingsproses soos in die geval ‘koopvars’ nie.

2.

Die winkelpraatjie het ons, soos reeds gesê is, op die spoor gebring van twee linguistiese versaaklikingswyses. Maar intussen het ons, toe ons hierdie praatjie ondersoek het, 'n uiters belangrike probleem ontwyk. En ons kan hierdie probleem raakvat deur die swygende eggenoot tòg sy sê te laat sê, en wel: ‘hoe mooi kan jy tog die pynlike dinge verwoord!’

Mevrou A se reaksie hierop sal waarskynlik onder meer bepaal word deur die duur en die vervelingskoëffisiënt van haar huwelik. As laasgenoemde buitengewoon hoog is, sal sy haar seker nie eers 'n antwoord verwerdig nie. As sy nog vatbaar is vir haar meneer se vleitaal en sarkasme - in sy antwoord is naamlik albei aanwesig - dan kan sy reageer met: ‘Ag Jan, jy is alweer nie ter sake nie!’ Vir haar is

1 Die insig wat aan hierdie onderskeiding ten grondslag lê, is, origens op heel gevaarlike wyse, verwoord in die volgende opmerking van Gardiner: ‘Perhaps the commonest phenomenon of all is that the words uttered are barely realized as such, only the things that they point at being descried.... But it needs only little change of stress to bring one or more of the underlying factors into the foreground.... A slightly stilted or eccentric phrase may lead to consideration of the manner of speech rather than the matter.... Words may attain prominence not merely for their helpfulness or indispensability in focusing the thingmeant, but for their own sakes and on account of their own intrinsic worth’ (*The Theory of Speech and Language*, 1951[2], blss. 49, 56).

naamlik ter sake die nuwe feitelikhede wat sy pas aangeskaf het, nie die ‘nuwe’ verwoording (met ‘koopvars’) van hierdie feitelikhede nie.

Die leser wat dit eens is met ons linguistiese uit-een-setting van die ‘koopvars’-geval, sal dadelik opmerk dat die mevrou se teregwysing as 't ware berus op 'n foutiewe ‘interpretasie’ van haar eie taalgebruik. Haar man was wèl ‘ter sake’ toe hy mede op die vorm ‘koopvars’ gereageer het: hierdie taalvorm is immers, soos ons aangetoon het, mede versaaklik.

Ons wil onmiddellik en uitdruklik daarop wys dat mevrou A se teregwysing van haar eggenoot 'n *waarde*-uitspraak is waarin sy eintlik haar eie taalgebruik kritiseer. Sy wil naamlik nie hê dat haar man die mede-versaakliking van die vorm - wat linguisties onherroepelik gegee is - au serieux opvat nie. En iemand wat met haar saam wil praat op die waarderingsvlak - en nou praat ons uit prinsipiële oorwegings nie saam nie maar luister nietemin aandagtig - sal ter verdediging van mevrou A kan aanvoer: ‘Sy het gelyk! Sy het dit inderdaad nie so bedoel nie en haar man was verkeerd toe hy die mede-versaaklikte vorm au serieux opgevat het’.

Ook op ‘bedoelings’ kan ons, omdat ons enkel probeer nagaan wat op die wyse van die taal gegee word, nie ingaan nie. Maar ons kan die probleem transponeer na die linguistiese vlak. Die probleem wat gestel word, is dié van die dubbelsinnigheid. Dit het immers geblyk dat mevrou A, in een en dieselfde uitspraak, gelyk èn ongelyk kan hê. Hierdie probleem van die dubbelsinnigheid is vir ons nou nie 'n bedoelingskwessie waarvoor ons die spreker moet raadpleeg nie, maar 'n *integrasie*kwessie waarvoor ons die *gegewe konteks* moet nagaan. Die linguistiese probleem wat hier gestel word, is naamlik die probleem van die *integrasie* al dan nie van feitsaak èn vormsaak in dieselfde konteks. En dan wil dit voorkom asof hierdie integrasie in ons winkelpraatjie in ieder geval nie bo verdenking staan nie.

Of dit inderdaad die geval is, wil ons hier nie nagaan nie.

Ons wil die integrasieprobleem, wat ons met behulp van ons winkelpraatjie gestel het, aan 'n nuwe voorbeeld probeer verhelder.

In 1953 het 'n bekende Australiese joernalis, Chester Wilmot, die lewe ingeskiet toe 'n Comet van die BOAC in die see by Elba neergestort het. In 'n Nederlandse weekblad het 'n herdenkingsartikel verskyn waarvan ons die eerste paragraaf hier aanhaal:

Chester Wilmot

> '*Chester Wilmot verongelukt.... Menselijkerwijs gesproken een te snel einde voor een man van zijn talenten. De "Yoke Peter" (bijnaam van de oudste Comet, het BOAC-toestel, dat neerstortte bij Elba) sleepte met zich naar de bodem van de zee een man, die vermaardheid had verworven, eerst als oorlogscorrespondent en later als commentator van de BBC en militair correspondent van de Observer. Een gezaghebbend journalist op zeer hoog niveau, nu verongelukt met het trotse product waarmee Britse genieën de wereld buiten Albion ver vooruit waren. Dit zware verlies telt dubbel voor het Britse volk.*'

Ons het dit hier kennelik te doen met 'n feitelike betoog waarin daar bowendien dadelik aan 'n bepaalde feitekennis geappelleer word: 'Chester Wilmot verongelukt...' roep naamlik 'n bekende feit in die herinnering.

In hierdie feitelike konstellasie word ons nou plotseling gekonfronteer met 'n problematiese gegewe. Want ná 'verongelukt' met sy stippeltjies staan daar 'n kwalifikasie van hierdie *wyse* van sterwe: 'menselijkerwijs gesproken een te snel einde voor een man van zijn talenten'. En hierdie 'te snel einde' is nou problematies omdat dit in die konteks. altans soos hierdie konteks tot op hierdie stadium gekonstitueer is, klaarblyklik nie gaan om die doods*tempo* nie, maar

om die ongelukkige wyse waarop Wilmot die lewe ingeskiet het.

Twee verklaringe kan vir hierdie probleem of ‘fout’ aangebied word. Een moontlike verklaring is dat ‘een te snel einde’ foutief is omdat 'n dergelike woordkombinasie indruis teen die normale taalgebruik. 'n Tweede is dat dit in die gegewe konteks *feitelik* onjuis en onvanpas is.

Die persoon wat opmerk dat ‘een te snel einde’ taalkundig fout is, het daarmee onvermydelik ook te kenne gegee dat die taalvorm in die betrokke konteks medesaak geword het. Die taalafwyking kan immers pas gekonstateer word indien die tradisioneel gegewe vorm van die sisteem waarbinne daar ‘gesondig’ word, mede geaktiveer word. En dan kan daar geredeneer word: hier moes eerder of eintlik gestaan het: ‘een te *vroeg* einde’ of ‘een te *plotseling* einde’.

Die persoon wat so geredeneer het, het egter nie 'n taalfout met sy voorbeelde versigbaar nie, hy het enkel maar skerper aangetoon waarom die gewraakte kombinasie hier *feitelik* onjuis is: ‘plotseling’ en ‘vroeg’ kwalifiseer naamlik volkome tereg die *wyse* waarop Chester Wilmot verongeluk het, terwyl ‘te snel’ die einde, wat hier as punt of tydstip gegee word, kwalifiseer asof dit 'n *duur* is.

In die gegewe konteks is dit inderdaad feitelike onsin. Taalkundig kan ‘te snel einde’ volkome in orde of normaal wees. 'n Paar bloeddorstige, wraaklustige kannibale is byvoorbeeld besig om 'n vyand langsaam dood te martel met allerlei vernuftige instrumente. Die slagoffer sterf egter ‘halwerweë’, d.w.s. voordat die volle instrumentarium op hom toegepas is. En nou sê een van die kannibale, terwyl hy droef-peinsend na 'n ongebruikte tang kyk: ‘Jammer, een te snel einde voor zo een rot vent!’

Die gevolgtrekking lê voor die hand: ‘een te snel einde’ is foutief omdat dit kontekstueel nie geïntegreer is nie. En die probleem van die kontekstuele integrasie is hier 'n suiwer *feitelike* aangeleentheid.

Maar nou lees ons verder en dan is daar onmiddellik

sprake van die ‘Yoke Peter’, die Comet waarin Wilmot verongeluk het. En nou sou iemand kon aantoon waarom die feitelike onsin deur die skrywer begaan is. Hy sou ook, wanneer hy die *waarom* tegelyk 'n *verskoning* vind, kon aanvoer waarom dit hier geen onsin is nie. Daar was naamlik as 't ware 'n feitelike kontaminasie: die skrywer het in een asem oor Wilmot en Yoke Peter (die gebruik van die vliegtuig se eienaam is insiggewend) gepraat. Om in 'n Comet, tans nog die snelste passasiersvliegtuig ter aarde, te sterf, beteken inderdaad dat 'n mens ‘te snel’ aan jou einde kom.

Ons wil hier nie ingaan op die oorsaaklike of genetiese moment in hierdie verklarende verskoning nie. Maar in hierdie verklaring sit daar 'n groot brok suiwer deskriptiewe insig. Die hele paragraaf is naamlik in feitelike opsig dubbel gerig. Die swaar verlies - van Wilmot (joernalis ‘op zeer hoog niveau’) en van Yoke Peter (‘trotse product’ - ‘op zeer hoog niveau’?) - ‘telt *dubbel* voor het Britse volk’.

Wanneer ‘een te snel einde’ mede betrek word op Yoke Peter, dan is hierdie taalvorm mede versaaklik. Dit is dan 'n woordspel en ook by die woordspel word, soos later vir ander gevalle aangetoon sal word, die taalvorm onvermydelik medesaak. Die vraag is nou egter of hierdie dubbele betrekking inderdaad vir ‘een te snel einde’ gegee word *op die wyse van die taal*.

Ons het die laaste woorde van die vorige paragraaf skuins laat lê om daarmee weereens te beklemtoon dat dit ons enkel gaan om wat in taalgebruik en dus ‘in feite’ aangebied of versaaklik word. Wat die betrokke joernalis *wou* aanbied, wat hy m.a.w. ‘bedoel’ het, is 'n heerlike spekulasieterrein wat ons nie mag betree nie. Die dubbelsinnigheid is vir ons, soos trouens reeds aangetoon is, geen bedoelingskwessie nie maar 'n linguistiese integrasieprobleem. Want ook die dubbelsinnige moet ondubbelsinnig gegee word voordat dit as sodanig kan funksioneer. En dit wil dan sê dat albei moontlikhede kontekstueel geïntegreer moet wees.

In die betrokke geval is die dubbele verwysingsmoontlik-

heid van ‘een te snel einde’ (na die gevalle Wilmot en Yoke Peter) kontekstueel nie geïntegreer nie. Wilmot verval as spelvoorwerp enkel al omdat, soos ons aangetoon het, die ‘te snel einde’ sy geval feitelik nie sekuur tref nie[1]. En die feitelike gerigtheid van die mede-versaaklikte vorm ‘een te snel einde’ op die Yoke Peter is eweneens nie trefseker gegee nie. Die speler (‘te snel einde’) hanteer dus nie een van die twee speeltuie (Wilmot en Yoke Peter) volkome nie. Daar word dus nie met gegewe moontlikhede gespeel nie, maar 'n spel word as moontlik gegee. Dit is die een of die ander, nie die een èn die ander nie. Dus geen kontekstuele integrasie nie.

Om hierdie kontekstuele integrasiefout skerper omtrekke te gee, kan ons 'n geval konstrueer waar die integrasie wel aanwesig is.

Vier toetsloodse staan in 'n kroeg op die lughawe. Hulle is al taamlik ver heen. Vroeër dieselfde middag het een van hulle kamerade die lewe ingeskiet toe hy 'n ‘Sabre Jet’ nie uit 'n duikvlug kon terughaal nie. En nou, ná die soveelste brandewyn, sê een van die loodse: ‘Ja, 700 myl per uur in die verdomde “Sabre” die wêreld uitgevlieg. 'n Te snelle einde vir Piet Verduyn’.

Hier is die dubbele kontekstuele betrokkenheid van ‘'n te snelle einde’ linguisties volkome in orde. Of die ander manne in die kroeg hierdie wyse van linguistiese integrasie waardeer het, is 'n probleem van 'n ander orde. As een van hulle antwoord: ‘'n mens praat nie so nie’, dan trek hy nie die dubbele verwysing van ‘te snelle einde’ in twyfel nie, maar hy reageer daarop as die gegewene.

Iemand sou teen ons betoog oor die Wilmot-geval kon aanvoer dat ons 'n belangrike moment, waarvan ons self die bestaan erken het, nie in die argumentasie betrek het nie. Ons het immers gesê dat daar, met ‘Chester Wilmot verongelukt....’, 'n beroep gedoen word op 'n as bekend

1 Of iemand hierdie feitelike kortsluiting mis-lees of verskoon omdat hy reken dat hy weet wat bedoel word, is - ons herhaal dit nogeens - nie ter sake nie.

veronderstelde feit, naamlik die dood van Wilmot, bekende joernalis, toe 'n Comet naby Elba in die Middellandse See neergestort het. Die vraag kan nou gestel word waarom ons die moontlike mede-versaakliking van die vorm ‘een te snel einde’ eers ter sprake gebring het nadat die Comet sy opwagting in die *konteks* gemaak het. Is dit nie moontlik en selfs waarskynlik dat die spel met ‘een te snel einde’ onmiddellik gegee word nie? Immers: die feitekennis wat met die aanvangswoorde gegee word, naamlik dat die joernalis in 'n Comet verongeluk het, kan genoeg wees om die dubbele gerigtheid van ‘een te snel einde’ onmiddellik aan te bied.

'n Dergelike argumentasie sou egter nie rekening hou met die wyse waarop die feitekennis, selfs in 'n enigsins losweg geboude koerantartikel, georkestreer word deur konteksdirigente nie. Die kontekstuele dirigent wat in die betrokke geval die onmiddellike spel Comet - Wilmot uitskakel, is die kwalifikasie ‘menselijkerwijs gesproken’. Tensy hierdie kwalifikasie 'n sinisme is, is die spel met ‘een te snel einde’ in hierdie fase van die feitelike aanbod nog onmoontlik.

Laat ons egter argumentsonthalwe aanneem dat die betrokke joernalis 'n hiper-sinikus is sodat hy selfs ‘menselijkerwijs gesproken’ sinies aanbied. Indien dit die geval is, misluk die spel ook omdat die joernalis dan homself as psigopatologiese verskynsel in die spel betrek het sonder om homself as sodanig ook feitelik in die konteks te integreer.

3.

Die versaakliking van feitsaak èn vormsaak in dieselfde konteks was, in die gevalle van taalgebruik wat ons tot dusver ondersoek het, nie kontekstueel geïntegreer nie[1]. In die volgende paragrawe wil ons enkele gevalle ondersoek waar hierdie dubbele integrasie van feitsaak en vormsaak wèl gegee word.

'n Man sit rustig in die *Reader's Digest* en lees, ruk

1 Met uitsondering van die Sabre Jet-geval, waarop ons egter nie uitvoerig ingegaan het nie.

plotseling regop van die lag en bevredig dan sy vrou se verskrik-nuuskierige oogopslag met:

> *Sommer 'n lawwe grappie, Marie - van twee eende, 'n moedereend en een van haar kleintjies. Die kleintjie kom aangewaggel hok toe, die ene modder. Die moeder sien die swart, besmeerde gedaantetjie aankom, slaan haar vlerke ontsteld saam en skree: 'If your father could see you now, he'll turn over in his gravy!'*

As ons hierdie grappie betrag, dan word dit duidelik waarom daar gepraat word van die 'point of a joke'. Hierdie grap het in ieder geval werklik 'n ontploffings*punt*, met name die kontakpunt tussen feitsaak en vormsaak wat gegee word met 'gravy'.

Dit word immers spoedig duidelik dat die eend besig is om 'n 'aanhaling' te gebruik. En die betrokke aanhaling kan deur iedere kenner van Engels gekontroleer word omdat dit uit geen gesproke of geskrewe bron kom nie, maar uit die taalsisteem self. Dit is naamlik die idioom: 'to turn over in one's grave'. Die eend hou met hierdie aanhaling vol tot in die laaste, die allerlaaste lettergreep[1]. Dan, nadat die verwagting reeds volledig gepunt is, of eerder: nadat die taalstrukturele aanknopingspunte vir die voltooiing reeds ondubbelsinnig en onherroeplik gegee is, plotseling die wending: i.p.v. die normale 'grave' staan daar 'gravy'.

Die *mede-versaakliking* van die taalvorm 'gravy' word gekonstitueer deur hierdie taalstrukturele konflik met 'grave' wat deur die ontplooiing van die sig-vormende vorm gegee word: hier 'moes' eintlik gestaan het 'grave'.

Die vraag na die kontekstuele *integrasie* van die medeversaaklikte vorm is 'n feitelike aangeleentheid. In 'n dergelike spel word naamlik beide die 'grave'-feitsaak en die 'gravy'-feitsaak gegee en albei moet feitelik toepasbaar wees voordat daar van integrasie sprake kan wees. In die gegewe

1 Vergelyk in hoofstuk II die paragrawe oor die sig-vormende en die gevormde vorm (bls. 43 vlg.).

feitekonstellasie, waar daar na 'n dooie eend verwys word, kan ‘grave’ en ‘gravy’ feitelik saamval. Ons mag dus konkludeer dat die einde van die sin en van die vadereend (‘gravy’), anders as die ‘snel einde’ van die joernalis, kontekstueel geïntegreer is.

Kenners van die Afrikaanse poësie sal teen hierdie tyd miskien al 'n literêre snuf in die neus hê. Hulle sal ons miskien in die rede kom val met nog 'n aanhaling en wel uit Opperman se *Joernaal van Jorik*. Jorik staan in die uitkykhok van die duikboot en sien:

> *Wanneer die maan opkom, uit elke wrak,*
> *diep onder uit die bodem van die see*
> *styg wit spookskepe na die oppervlak*
> *en seil weer op verbeelde winde mee;*
> *en deur die mis buig hier en daar 'n man,*
> *'n donker man stil by sy konkelwerk;*

Ook in hierdie aanhaling is daar 'n ‘aanhaling’. In die laaste vers word naamlik gevarieer op die vorm van die idioom ‘donkerwerk is konkelwerk’. 'n Soortgelyke spelmoontlikheid as dié in die ‘gravy’-geval word dus benut en die ooreenkoms tussen grap en gedig is inderdaad opvallend. Só opvallend dat ons hierdie mooi voorbeeld links moet laat lê: die opvallende ooreenkoms tussen grap en gedig sou ons dwing om op die ewe belangrike verskille tussen hulle in te gaan.

'n Dergelike, haas dwingende aanleiding tot die uiteensetting van die verskille tussen taaltipes sou ons met vrug kon aangepak het indien ons, soos die Russiese formaliste[1] of soos byvoorbeeld William Empson in Amerika[2], daarna gestrewe het om die poësie (en die literatuur in die algemeen) as 'n eien-aardige taalvoorval te lokaliseer, teenoor ander taalvoorvalle te begrens en bowendien nog te interpreteer.

1 Vgl. R. Erlich: *The Russian Formalist Movement*, in *The Partisan Review*, vol. XX, no. 3 (June 1953).

2 Onder meer in sy *Seven Types of Ambiguity*, 1947[2].

Ons wil egter nie, soos Empson, I.A. Richards en die Russe dit wil doen, verskille tussen die taal van die poësie en ander soorte taalgebruik vasstel nie[1]. Ons wil enkel beskryf wat daar op die wyse van die taal gegee word. Dat die medeversaakliking van die taalvorm meestal plaasvind in gevalle van taalgebruik wat as poësie bekend staan, is ongetwyfeld waar maar in prinsipe vir ons toevallig omdat ons streef na 'n *beskrywing* en niè na 'n *tipering* of *klassifikasie* van die in-taal-gegewene nie. Waar ons dan ook voortaan in hierdie studie, ter wille van die beknoptheid van formulering, van ‘poësie’ praat, daar moet hierdie prinsipiële beperkings steeds in aanmerking geneem word.

Omdat die Opperman-voorbeeld ons dus sou dwing tot 'n uiteensetting van die verskille tussen grap en gedig, gaan ons aan hierdie voorbeeld verby. Maar dit het ons ten minste gedwing om onsself voorlopig rekenskap te gee van die verskil tussen beskrywing en klassifikasie. En ons kies dan 'n ander voorbeeld uit die poësie waar die speelwyse so sterk verskil van die ‘gravy’-geval dat ons, anders as in die Oppermangeval, straffeloos op die linguistiese *ooreenkoms* tussen die twee gevalle kan let.

> ‘*Vandaag wil ik licht glimlachen*
> *voor wie geglimlacht licht wil zien*’
> (Pierre Kemp - *Glimlachen*)

Die eerste vers van hierdie gedig - en ons lees voorlopig nie verder nie - kan opsigself nog as taal*verbruik* aangesien word. Wat hier opval - en dit sal waarskynlik die man opval wat eweneens sy dag vooruitbeplan, maar dan in sy sakboekie en uursgetrou - is die heel besondere program wat die ‘ik’ van die gedig vir homself opstel: hy wil vandag ligweg glimlag. Eienaardige ‘ik’ dus, d.w.s. eienaardige of proble-

1 Vgl. die juiste opmerkings hieroor van Elder Olson in sy essay: *William Empson, Contemporary Criticism and Poetic Diction*, opgeneem in: *Critics and Criticism, Ancient and Modern*, Edited by R.S. Crane, 1952, bls. 61 vlg.

matiese feitelikhede wat deur die taal aangebied word. Voorlopig niks meer nie.

Maar nou kom die tweede vers daarby en nou word die taalvorm onvermydelik medesaak. Die sig-vormende vorm projekteer 'n aantal moontlikhede vooruit. Die moontlikhede wat ná ‘geglimlacht’ binne die taalstruktuur in die gegewe tradisionele vormveld kan volg, lê almal in die verbaalveld van 'n perfektiewe vorm met ‘geglimlacht’[1]. Die sig-vormende vorm kan dus uitloop op: voor wie geglimlacht heeft/ had / zal hebben / zal willen hebben / zou willen hebben ens. Dit is die enigste moontlikheid omdat ‘glimlachen’, as een van 'n groep intransitiewe werkwoorde met perfekta op ‘hebben’, nie 'n verlede deelwoord het wat ook as resultatiewe adjektief voorkom nie. As daar nou, teen die struktuurverwagtings in wat deur die sig-vormende vorm geskep word, 'n substantief (‘licht’) voorkom, met as gevolg dat ‘geglimlacht’ adjektief word, dan moet die konflik met die normale onvermydelik optree en die taal word gevolglik medesaak.

Hiermee is dit egter nog nie afgelope nie. Daar is in die eerste vers, soos ons hierbo aangetoon het, 'n problematiese

1 In Nederlands kan daar vir die adjetief wat in vorm gelyk is aan 'n sogenaamde participium perfectum verskillende gevalle onderskei word. Dit blyk die duidelikste wanneer ons 'n sg. predikatief-gebruikte adjektief vergelyk met die woordgroep Subjek × Perfectum wat daarmee korrespondeer.
(a) Tussen die betekenis van die adj. en die part. pf. is 'n uitsluitlik etimologiese verband: een geleerd man, hij is geleerd × hij heeft geleerd. Alleen in hierdie geval het die adj. ook 'n komparatief en superlatief.
(b) Die betekenis van adj. en part. pf. kan volkome identies wees: een omgekomen reporter × hij is omgekomen. Die betrokke werkwoorde is steeds intransitief, die perfectum word gevorm met 'n vorm van *zijn*.
(c) Die betekenis van die adj. is resultatief. Die betrokke werkwoorde is uit die aard van die saak transitief, die perfectum word gevorm deur 'n vorm van *hebben*: het gekochte boek, het is gekocht × hij heeft gekocht. Onder hierdie verba, waarvan die perf. dus gevorm word met 'n vorm van *hebben*, is daar egter ook 'n groep *intransitiewe* werkwoorde soos *lachen*, *dreunen* en *glimlachen*. Vir hierdie werkwoorde bestaan daar naas die part. perf. *geen adjektief* nie.

feitelikheid aanwesig: die eienaardige program van die ‘ik’. Hierdie probleemfeit word nou ‘verklaar’ deur die taalstrukturele en uiteindelik dus ook feitelike implikasies van die mede-versaaklikte taalvorm in vers 2. Die sig-vormende vorm struktureer naamlik nie enkel vooruit nie, maar ook terug. Omdat ‘geglimlacht’ in vers 2 as resultatiewe adjektief gebruik word, word ‘glimlachen’ vir hierdie konteks ook as transitiewe werkwoord gekonstitueer. En nou word ‘licht’ in vers 1 sintakties bifunksioneel: hy word sowel bywoordelike bepaling by die normale intransitiewe werkwoord ‘glimlachen’ as voorwerp by die ‘nuwe’ transitiewe werkwoord ‘glimlachen’. *Beide* moontlikhede word naamlik gegee: die mede-versaakliking van die vorm word immers juis gegee deur die konflik van anormaal en normaal, *waarmee die normale dus ewegoed gegee word*.

Dat dit moontlik is om die anormale moontlikheid (d.w.s. ‘glimlachen’ transitief gebruik) te ver-taal, is daaraan te danke dat die Nederlandse taalsisteem nou eenmaal intransitiewe èn transitiewe werkwoorde ken. *Daar is dus nog steeds 'n taalsistematiese - nie tradisioneel-sistematiese! - oriëntasiekern vir hierdie spel*.

Hierdie twee moontlikhede word egter nie alleen saam gegee niet, hulle is bowendien *geïntegreer* in hierdie konteks[1] waarin daar dus sowel 'n feitsaak as 'n vormsaak gegee word. Ons sou dit as volg kon verduidelik.

Hoewel vers 1 sy eintlike bestaanswyse pas openbaar deur die linguistiese bemiddeling van die tweede vers, volg vers 2 in die tyd nietemin op vers 1. En nou vind die omgekeerde proses plaas: vers 1, wat deur vers 2 taalstruktureel en dus ook feitelik gereïnterpreteer is, gaan op sy beurt feitelik ingryp in die wêreld wat in vers 2 genoem is. Wat naamlik in

1 In hierdie klein struktuurverslag moet ons uiteraard die feite wat in die taal as eenheid gegee word, chronologies ter tafel lê. Daar word ook nie nagegaan hoe die twee verse, ons ‘konteks’, hulle funksie in die totale konteks vervul nie, dus ook nie hoe hulle eventueel deur daardie konteks gekwalifiseer word nie.

die tweede vers gegee word - lig wat geglimlag is - word immers *feitelik* in vooruitsig gestel deur een van die moontlikhede wat in vers 1 aangebied is: vandag sal ek lig (‘lig’ is 'n voorwerpsaak)[1] glimlag.

Deur hierdie heen en weer van interne verhoudings word daar *binne* die konteks 'n feitelike kontrolebasis geskep en dit juis deur die taalvorm wat as medesaak nou ook weer feitelike implikasies het vir die kontekstuele verhoudings: ‘geglimlacht licht’ word nou nie meer sommer uit die bloue hemel gegryp nie, maar word eers as moontlikheid gestel en dan, ná hierdie voorbereiding wat terselfdertyd 'n motivering is, feitelik volledig verwesenlik[2].

Om voorlopig saam te vat: in gevalle soos ‘gravy’ en ‘geglimlacht licht’ word daar nie enkel feitsake aangebied nie, maar ook taalvormsake; hierdie taalvormsake het op hulle beurt weer 'n feitelike implikasie sodat die probleem van die kontekstuele integrasie uiteindelik weer 'n feitelike aangeleentheid is:



4.

Ons het uitvoerig ingegaan op die *feitelike implikasies* van die vormsaak omdat die mede-versaakliking van die vorm die beskouer maklik kan ‘vervoer’ tot 'n verabsolutering van die vorm. Die Russiese formaliste het die poësie gesien as ‘kommunikasie met woorde wat gekenmerk word deur die maksimale waarneembaarheid van die uitingsmiddel’ (Efimov), as ‘een van die linguistiese sisteme waar die kommunikatiewe funksie na die agtergrond verskuif terwyl die

1 Vgl. vir die terme ‘voorwerpsaak’, ‘gesegdesaak’ ens. De Groot: *Strukturele Syntaxis*, 1949, bls. 107.

2 Hiermee het ons linguisties gedeeltelik verantwoording afgelê vir die immanente of interne stylkritiek. Vgl. verder hoofstuk III.

taalstrukture outonome waarde verkry' (Tomashevski)[1]. Die Russe het wel geweet dat die taal ook in die poësie iets moet sê[2], maar hierdie insig moes tog vervaag toe hulle, in hulle strewe om vas te stel hoe die literatuur linguisties van ander taalvoorvalle verskil, die teenstelling kommunikatiewe / estetiese taalgebruik ingevoer het. Die 'outonome waarde' wat Tomashevski aan die woordstrukture of woordvorme toeken, is 'n aanduiding van die gevaar waaraan hierdie beskouingswyse blootstaan. Daarom het ons gedurig beklemtoon dat die taalvorm *mede*saak word naas die *feit*sake wat deur die woorde aangebied word en het ons bowendien eksplisiet en uitvoerig die feitelike implikasies van die saakgeworde vorm gereleveer. Daar is dus hier as 't ware 'n dubbele aanbieding van feitelikhede.

'n Goeie voorbeeld van die gevare verbonde aan die verwaarlosing van die feitelike implikasies van die vormsaak het ons in die volgende uitlating van Sartre: 'Digters', so verklaar hy, 'is mense wat weier om die taal te *gebruik*. Ook dink hulle daar nie aan om die wêreld te *benoem* nie; benoeming impliseer immers 'n gedurige opoffering van die naam aan die genoemde voorwerp.... Die digter het hom, met 'n enkele beweging, losgemaak van die taalinstrument. Hy het eens en vir altyd die poëtiese instelling verkies wat die woorde as dinge en nie as tekens beskou nie. Want die dubbelsinnigheid van die teken impliseer dat 'n mens deur hom kan kyk, soos deur 'n venster, na die genoemde ding; of dat jy na die *werklikheid* van die teken self kan gaan kyk en dit dus as 'n *voorwerp* gaan beskou'[3].

1 Vgl. Erlich: *The Russian Formalist Movement*, in *The Partisan Review*, vol. XX, no. 3, bls. 289.

2 Vgl. William E. Harkins: *Slavic Formalist Theories in Literary Scholarship*, in *Word*, Vol. 7 no. 2 (August 1951), bls. 179.

3 'Les poètes sont des hommes qui refusent d'*utiliser* le langage.... Ils ne songent pas non plus à *nommer* le monde.... la nomination implique un perpétuel sacrifice du nom à l'o b j e t nommé.... En fait, le poète s'est retiré d'un seul coup du langage-instrument; il a choisi une fois pour toutes l'attitude poétique qui considère les mots comme des choses et non comme des signes. Car l'ambiguïté du signe implique qu'on puisse à son gré le traverser comme une vitre et poursuivre à travers lui la chose signifiée ou tourner son regard vers sa *réalité* et le considérer comme objet' (*Qu'est-ce que la littérature*, in *Les Temps Modernes*, 2 no. 17, Février 1947), p. 773.

Sartre se uiteensetting - wat origens skaars denkbaar is sonder Valery se uitsprake oor die taal - raak-raak op verskeie punte aan ons onderskeiding tussen taalverbruik, waar enkel die feitsake aangebied word, en taalgebruik waarin feitsaak èn taalvormsaak versaaklik word. Maar, anders as wat Sartre hier betoog, noem die woord altyd iets, selfs in sy hoedanigheid van vormsaak. Die woord word slegs 'ding' of 'voorwerp' daar waar hy homself noem en homself dus as *feit*saak aanbied[1]. Sartre se betoog sou waar gewees het indien dit gerig was op die woord in sy selfnoemfunksie. Maar aangesien hy dit kennelik nie hieroor het nie, moet sy betoog as gevaarlik eensydig verwerp word.

Toe die Rus, Efimov, die poësie gekarakteriseer het as kommunikasie met woorde wat gekenmerk word deur die *maksimale waarneembaarheid* van die uitingsmiddel, het hy egter daarby ongetwyfeld ook gedink aan die funksie van rym en metrum. Wellek en Warren, wat in hulle *Theory of Literature* baie te danke het aan die insigte van die Russiese formaliste, sê byvoorbeeld o.m. oor die funksie van die metrum: 'The influence of meter is to actualize words: to point them and to direct attention to their sound. In good poetry, the relations between words are very strongly emphasized'[2].

As 'n mens hierdie sitaat vinnig lees en dan vlakweg dink, dan lyk hierdie 'actualizing' van die woorde deur die metrum baie na ons beginsel van die mede-versaakliking van die taalvorm. Dit lê dan ook voor die hand om aan metrum en rym, wat nou eenmaal nie attribute van 'normale' taalgebruik is nie, 'n 'opvallende'[3] en dus taalvorm-versaakli-

1 Vergelyk hierbo bls. 5.
2 *Theory of Literature*, 1949 bls. 178.
3 Vergelyk hierbo bls. 4 noot 3.

kende funksie toe te skryf. En dit wil dan ook sê dat die mede-versaaklikte taalvorm, dus byvoorbeeld die woord in rymposisie, 'n ‘ekstra’ feitelike implikasie kry. Aan die medeversaaklikte taalvorm beantwoord immers steeds 'n nuwe feitsaak.

Sonder om ons selfs maar enigsins volledig in te laat met die probleme verbonde aan metrum en rym, sal ons hier tog moet probeer om die linguistiese toestand van sake vas te stel vir gevalle van taalgebruik wat deur metrum en rym gekenmerk word.

Die sig-vormende vorm ontvou hom, en ons sal dit in die tweede hoofstuk uitvoeriger probeer aantoon, in ooreenstemming met die beperkings wat deur die taalstruktuur opgelê word. Selfs daar waar die aanbod oënskynlik nie langs die struktuurpaadjie verloop nie, word die uiteindelike feitelike aanbod (vgl. die ‘gravy’ - en ‘glimlachen’-gevalle) weereens bepaal deur die konflik van die ‘opvallende’ met die normaal-sistematiese. In die poësie kom daar egter dikwels 'n stel ‘aanvullende’ beperkings by waardeur die integrasieverwikkeldheid van die geval van taalgebruik nog toeneem. Hierdie tweede stel beperkings is in 'n sekere sin onderhewig aan die poëtiese mode en kan daarom wissel van gedaante met die tye. In die poësie wat vandag geskryf word, is hierdie beperkings dikwels ritmies of ‘musikaal’ van aard. Hierdie beperkings, wat maar al te dikwels bloot as toevoegsels tot die normale beskou word, staan bekend as metrum en rym.

Daar moet skerp onderskei word tussen die taalstrukturele beperkings en hierdie tweede stel beperkings. Eersgenoemde geld *taal*vorme, laasgenoemde het betrekking op *klank*vorme. 'n Mens mag dus, streng linguisties gesproke, nie praat van *woorde* wat rym nie. En, gesien die feitelike neerslag van die woord-in-gebruik, kan 'n mens dus ook nie sê dat dit *feitsake* is wat rym nie. Al wat in die rym en metrum direk betrokke is, is die woord-corpus[1]. En daarom kan 'n mens ook nie

1 Die volgende uitspraak van Kayser is mooi en dig soos 'n spreuk maar stel nog nouliks die probleem: ‘Der Reim bindet nicht nur, dem Ohre wohlgefällig, den Klang, er bindet auch, den Geist befriedigend, den Sinn’ (*Kleine Deutsche Versschule*, 1946, bls. 78). Hierdie ‘Sinn’-samehang is 'n uiters problematiese gegewe omdat metrum en rym, soos ons probeer aantoon het, nie taalvormkonstituerende waarde en daarom ook geen feitelike implikasie het nie.

beweer dat met rym en metrum 'n mede-versaakliking van die betrokke *taal*vorm gegee word nie. Metrum en rym is gevolglik vir ons nie taalvorm-konstituerende momente nie, hoogstens *versvorm*-konstituerende momente.

Ons sou van hierdie tweede, beperkende vormveld kon praat as ‘une forme rhythmique vide’ (Valery). En die vormveld is natuurlik enkel ‘leeg’ in taalsistematiese opsig en onder die aspek van die sig-vormende vorm. By hierdie leë vorm moet die taalvorme hulle nou aanpas. Hoe hierdie aanpassing geskied, hoe die twee vormvelde m.a.w. geïntegreer word, is 'n probleem wat telkens deur iedere afsonderlike gedig gestel word. Ons wil daar hier nie op ingaan nie. Hoofsaak vir ons is die insig dat ons hier met twee verskillende vormvelde te doen het. Vergelyk byvoorbeeld die eerste strofe van *Die Smid* deur Eugène Marais:

Blaas hoog die vlam,
geen floue trek of tam!
Want alles moet verteer, -
in gloed verander, *eer*,
met skitter, *skoon en rein*,
die wit lig suiwer skyn.
Blaas hoog die vlam!

Die ‘tam’ in vers 2 is getrou aan die metriese substraat en aan die rymskema. Hierdie ‘tam’ is egter lid van 'n heel eienaardige sintaktiese konstruksie. Wie die sig-vormende vorm volg, verwag ná ‘of’, indien die aanbod van nominale aard is, 'n substantief soos ons dit byvoorbeeld aantref in die model: ‘geen gelukkige man of vrou nie’. Anormaal, op byna dieselfde wyse as ons geval, sou wees: ‘geen gelukkige man of lelik nie’. *Byna* dieselfde, want ‘geen floue trek of

tam' het, in vergelyking met die vorige model, nog 'n ekstra anormaliteit: die afwesigheid van die ontkenningspartikel 'nie'.

In vers 2 word dus metries-musikaal genormaliseer wat taalstruktureel anormaal is[1]. Dit is duidelik dat hier *twee* vormvelde is wat beperkend aktief is, elkeen met 'n eie integrasie-patroon van verwagting en verwesenliking. En dit lê ook voor die hand dat hulle teen mekaar uitgespeel sal word, soos dit dan ook hier die geval is in die tweede vers van *Die Smid*: wat kromgepraat word, word 'reggesing'.

In gedigte wat deur metrum en rym gekenmerk word, moet daar met 'n dubbele integrasie rekening gehou word. Daar is in die eerste plek die samehang van *feitsake* wat deur die taalvorme gekonstitueer word. Hier berus die samehang of 'vorm', soos Virginia Woolf dit in *A Writer's Notebook* (bls. 210) stel, op 'the sense that things follow one another rightly'. En dan is daar nog bowendien die metries-musikale orkestrasie waardeur die klankvorme saam-gevat word.

Aan hierdie dubbele integrasie of motivering moet gedeeltelik die hegtheid en onskendbaarheid van gedigte toegeskryf word[2]. Want hoewel die taalvorme, soos ons ná De Saussure baie goed weet, arbitrêr of 'immotivé' is, kry die woord in die poësie, vanweë hierdie dubbele 'gehegtheid', iets van die geaardheid wat deur die Griekse analogiste aan hom toegeskryf is toe hulle die woord as natuurgetroue weerspieëling van die saak of ding bestempel het. In die poësie wat deur metrum en rym gekenmerk word, val die ordening van feitsake immers saam met die ordening of orkestrasie van *klank*vorme[3]. Omdat feitelike integrasie en klankvormintegrasie nou saamval, wil dit voorkom asof die woorde die dinge 'weet' of 'ken', asof die feitewêreld reeds in die woord-

1 Ons gaan hier nie in op die eventuele feitelike integrasie (of gebrek aan integrasie) van die anormale taalvorm nie.
2 Vergelyk ook hierbo bls. 17, noot 2.
3 Hierdie klankvorme word deur die betekenis, wat vir die leë vorm nie direk ter sake is nie, tot woordvorme gekonstitueer.

wêreld geordend aanwesig is. Vandaar, om te herhaal, die hegtheid van poësie waarin èn die feitsaak èn die klankvorm geordend aanwesig is.

5.

In die vorige paragrawe het dit geblyk dat metrum en rym, wat oënskynlik bydra tot die ‘maksimale waarneembaarheid van die uitingsmiddel’, in werklikheid nie taalvormkonstituerende momente is nie maar hoogstens versvormkonstituerende momente. Maar daar is by woorde ook ander gebruikswyses wat 'n mens meestal in die poësie teëkom en wat ook oënskynlik die waarneembaarheid van die taalvorm verhoog. Sodoende kan hulle miskien aanleiding gee tot die mede-versaakliking van die taalvorm. Dit is die sogenaamde ‘beeldspraak’.

Die gerieflikste skyf vir die ondersoeker wat taalkundig probeer aanlê op die beeldspraak, is ongetwyfeld die *metafoor*. Vir die metafoor beskik ons immers onder meer oor die linguistiese insigte van Reichling. En Reichling plaas ons onmiddellik midde in ons probleemstelling wanneer hy van die metaforiese of disjunktiewe betekenistoepassing sê: ‘zij is niet altijd opzettelijk, maar zij is wel altijd bewust. Het bewustzijn der tegenstelling tussen de toegepaste en niettoepasselijke onderscheidingen binnen de betekenis maakt een bepaald gebruik tot “metaphorisch”’[1]. Ter illustrasie noem en interpreteer Reichling dan die uitspraak van die eerlike eggenoot wat na sy vrou se nuwe rok kyk en reguit beweer: ‘Wat heb jij daar voor een zak aan!’ Die eggenoot pas hier die vormloosheid uit die ‘zak’-betekenis toe op die vorm van sy vrou se rok. Die onderskeiding: voorwerp om bv. aartappels of steenkool in te vervoer, wat volstrek nie toegepas word nie maar wat die meneer en sy mevrou op een of ander manier in hierdie betekenis dink, dra verder hulle deel by om die mevrou te laat weet dat sy in hierdie rok seker nie pas nie. Aldus Reichling.

Ons herhaal: Reichling plaas ons met hierdie formulering

1 Reichling, ENSIE, II, bls. 41, kolom 2.

midde in ons probleemstelling. Sy ‘bewustzijn der tegenstelling’ is die bewussyn van 'n konflik tussen die betekenis wat 'n mens in die woord dink en die saak wat 'n mens met die woord noem. Die vraag vir ons is nou of Reichling hiermee van die metafoor 'n besondere soort ‘*taal*fout’ maak. Indien dit die geval is, dan moet die gegewe konflik onvermydelik uitloop op 'n mede-versaakliking van die taalvorm wat so ‘treffend’ misbruik word.

Ons benader weereens die probleem met behulp van 'n voorbeeld en delf daarvoor weereens in die ryk metafoorskuur van Opperman se *Joernaal van Jorik*. Jorik verken Johannesburg vanuit 'n vliegtuig, die vliegtuig keer na die lughawe terug, en dan:

> *O die vervoering voor die vliegtuig sak!*
> *Die aarde stroom bruin-groen verby die glas*,
> *maar kringe strate gryp met spinnerak*
> *die groot mot op die hawe eindelik vas*....

Die groot, gevange mot is 'n uiters sorgvuldig en uitvoerig ‘geprepareerde’ metafoor. Verskillende metafore word soos lense oormekaargeskuif. Die eintlike voorbereiding begin in die strofe:

> *Vér onder sien hy liggies vasgespeld*
> *waar linte rook vanuit 'n kroon ontwar*
> *en waai oor die lapel van hoëveld*,
> *die Goudstad met sy strate*, *'n kokar*.

Die stadsaanleg, vanuit die lug besien, is 'n ‘kokar’ wat liggies vasgespeld is aan die lapel van hoëveld. Die kokarbeeld word in ons probleemstrofe hervat met die ‘kringe strate’ wat vervolgens in 'n nuwe maar aangepaste metaforiese gedaante, dié van ‘spinnerak’, die groot mot ‘vasgryp’. Op dié wyse word 'n digte verwysingsnet geknoop.

Die linguistiese vrae wat ons aan die ‘groot mot’ gaan stel, word natuurlik bepaal deur ons sentrale probleemstelling: die beskrywing van taal*gebruik*. Ons kan daarom nie

aan ‘mot’ gaan vra wat hy *beteken* nie. Die woord se betekenis is vir ons enkel ter sake indien die betekenis as saak aangebied word, indien iemand dus die woord se betekenis in taalbeskouing aktiveer[1]. Dit is in ons strofe beslis nie die geval nie. Die woord bied hier 'n feitsaak aan. En die feitsaak wat hier aangebied word, is ‘die groot mot’. Dat dit gebeur omdat 'n woord sy betekenis in die gebruik nie ‘te buite kan gaan nie’, dat dit dus in die betrokke geval gebeur omdat ‘mot’ nog steeds ‘mot’ en nie ‘vliegtuig’ beteken nie, weet ons danksy Reichling. Hierdie *verklaring* is vir ons *beskrywing* egter nie ter sake nie.

Maar daar gebeur natuurlik nog iets meer met die ‘mot’-saak in die betrokke konteks. Die ‘mot’ is immers nie homself nie, hy is ‘vliegtuig’. En hierdie oor-vleueling van vlerkdier en vlerkmasjien is geen woordaangeleentheid, geen betekeniskwessie nie. Dit is slegs 'n woordaangeleentheid vir dié teoretici wat nog glo aan die teorie van die ‘dubbele uitdrukking’. Volgens hierdie teorie staan die *woord* ‘mot’ in die plek van die *woord* ‘vliegtuig’. Hier is egter, soos ons gesien het, nie meer sprake van woorde nie. Die woord ‘mot’ bied die feitsaak ‘mot’ aan en hierdie *feitsaak* tree nou as 't ware in plaasvervangende of verteenwoordigende hoedanigheid op vir die *feitsaak* ‘vliegtuig’: die vliegtuig word as mot in die hawe vasgegryp.

Hierdie teleskopering of vereenselwiging van die twee feitsake word uiteraard outomaties *in konflik met ons ervaringswerklikheid*[2] gegee: 'n mot en 'n vliegtuig het ongetwyfeld sekere eienskappe gemeen maar kan, binne ons werklikheidsgeheel, nooit volledig saamval nie. En mèt hierdie konflik word ook die *kontekstuele integrasie* van die twee feitsake tot 'n twee-eenheid as problematies gegee. Anders gestel: die gedeeltelike wedersydse verset tussen die feitsake maak ook hulle gedeeltelike vereenselwiging -

1 Vergelyk hierbo bls. 5.
2 Op die *werklikheidsproblematiek* word in afdeling 6 hieronder uitvoerig ingegaan.

'n kontekstuele, feitelike aangeleentheid - problematies[1].

In die betrokke geval blyk dit dan dat die metafoor inderdaad tref[2]. Die vliegtuig is ‘onder omstandighede’, d.w.s. kontekstueel, 'n mot. Dit is wel ‘onsin’ (eerder: fantasie) maar dan onsin wat feitelik in hierdie konteks geïntegreer is. Deur die feitsaak-mediante ‘kokar’, ‘spinnerak’ en ‘vasgryp’ word die vliegtuig-as-mot (nie: soos 'n mot) in die hawe vasgegryp. Hierdie suiwere en onmiddellike trefkrag sou ‘mot’ nie hê wanneer ek terloops by 'n venster uitkyk, 'n vliegtuig sien en dan sê: ‘maar kyk so 'n mot!’ Die aanwesiges sal hierdie opmerking as ‘sinlose onsin’ verwerp omdat daar in die konteks en die situasie geen feitelike dirigente gegee word waardeur die onsin as sodanig feitelik geïntegreer word nie.

Hierbo is beweer dat 'n vliegtuig en 'n mot in ons ervaringswerklikheid nooit resloos kan saamval nie. Wat nou van die ‘res’, dit wat nie in die kontekstueel-georganiseerde kontakvlak tussen mot en vliegtuig lê nie? Is hierdie res 'n *betekenisres*, behels dit die sogenaamde betekenisonderskeidings (byvoorbeeld: spesifiek 'n nagvlieër) van die woord ‘mot’ wat nie toepasbaar is op 'n meganiese vliegtuigsaak nie?

Die antwoord hierop behoort, ná ons betoog hierbo, baie voor die hand liggend te wees. Die onvermydelike ‘res’ word bepaal deur die konflik, die werklikheidskonflik, wat intree sodra twee verskillende feitsake as één aangebied word. Dit is geen taalaangeleentheid meer nie, dit is 'n konflik wat hom afspeel op die terrein van die genoemde feitsake.

Ons herhaal nogeens: ons praat nie oor die taalsistematiese

1 Dat die metafoor hier voorberei word, dat die kontekstuele vereenselwiging aan die aankondiging van die konflik voorafgaan, tas nie die wesenlike probleem-‘volgorde’ of -samestelling aan nie. Strukturering kan ewegoed terug as vorentoe verloop.

2 As ons beweer dat die metafoor ‘tref’, dan het ons nie die ‘getroffe’ leser in die oog nie, maar die kontakwyse tussen die ‘eintlike’ feitsaak (vliegtuig) en ‘die groot mot’ wat die vliegtuig onder sy vlerk neem.

voorwaardes wat hierdie gedeeltelike vereenselwiging en verset van die feitsake bepaal nie, ons praat enkel oor die in-taalgebruik-gegewene waardeur die konflik wesenlik gekonstitueer word. Oor die taalsistematiese voorwaardes is ons dit met Reichling eens: ‘de *norm* voor het gebruik ligt in de woorden, niet in de zaken’[1]. Maar die ‘norm voor het gebruik’ is nog nie die *gebruikte norm* nie. En eers daar waar die norm self *in die gebruik tree* en nie meer enkel die gebruik *bepaal* nie, dáár is daar sprake van 'n mede-versaakliking van die vorm. Die mede-versaakliking van die vorm word immers gegee deur die konflik van normaal en anormaal. Hierdeur word die norm mede gegee. In die ‘glimlachen’-geval word sowel die ‘nuwe’ (anormale) transitiewe werkwoord ‘glimlachen’ as die normale intransitiewe werkwoord gegee[2], in die ‘gravy’-geval word sowel ‘gravy’ as ‘grave’ gegee[3]. En, soos ons uitvoerig aangetoon het, sowel die anormale as die normale kom feitelik aan bod[4]. Hierdeur word die norm tot gebruik en is dit nie enkel meer bepalend vir die gebruik nie.

In die geval van die *metafoor* is die taalsisteem op die normale wyse bepalend vir die gebruik sonder om self gebruik te word. Tussen ‘mot’ en ‘vliegtuig’ word enkel kontekstuele (d.w.s. feitelike) en geen taalsistematiese aanknopingspunte gegee nie. Daarom is die norm hier, anders as in die ‘gravy’- en ‘glimlachen’-gevalle, nie ter sprake gebring en daarom vir die beskrywing van taalgebruik ook nie ter sake nie. Waarmee geensins beweer word dat die metafoor aan die stilistikus geen probleme stel nie. Dit het naamlik geblyk dat hier wel 'n taalgebruikskonflik gegee word, 'n konflik wat hom afspeel op die terrein van die genoemde feitsake. Die stilistikus wat taalgebruik ten voete uit

1 Reichling: *Het Woord*, *een studie omtrent de grondslag van taal en taalgebruik*, 1935, bls. 330. Kursivering van Reichling.
2 Vergelyk hierbo bls. 14 vlg.
3 Vergelyk hierbo bls. 11 vlg.
4 Vergelyk hierbo bls. 16.

wil beskrywe, moet hom gevolglik terdeë besin oor die wyses waarop taalgebruik in *feitelike* opsig problematies kan word.

6.

Die metafoor, wat ons aanvanklik van *taal*vertoon verdink het, is 'n geval van *werklikheids*-vertoon: die vliegtuig-as-mot is 'n problematiese feitsaak omdat dit 'n konflik met ons ervaringswerklikheid open.

Die feitsake wat in taalgebruik aangebied word, het klaarblyklik 'n *werklikheidstellende aspek*, hulle ‘pretendeer’ 'n werklikheid. Hierdie werklikheid hoef nie altyd ‘op te val’[1] nie: wanneer feitsake aangebied word in ooreenstemming met 'n gekende ervaringswerklikheid, word die werklikheid nie as probleem in taalgebruik gegee nie. Hy word, net soos die taalsisteem by normale taalgebruik, ‘verbruik’. Vergelyk byvoorbeeld: ‘gee asseblief vir my die beker water op die tafel aan’. Die feitsake wat in hierdie sin aangebied word, is ‘normaal’ of onproblematies (gegewe natuurlik dat daar inderdaad 'n beker water op die betrokke tafel staan). Vergelyk daarenteen:

> *Goe*, *and catche a falling starre*,
> *Get with childe a mandrake roote*,
> *Tell me*, *where all past yeares are*,
> *Or who cleft the Divels foot*,
> *Teach me to hear Mermaides singing*,
> *Or to keep off envies stinging*,
> *And finde*
> *What winde*
> *Serves to advance an honest minde*.
>
> (John Donne: *Song*.)

In hierdie strofe word daar vers ná vers feitsake aangebied wat kennelik in stryd is met ons werklikheidspatroon en

1 Die term ‘opvallend’ (vgl. hierbo bls. 4 noot 3) ondergaan in sy toepassing hier 'n uitbreiding maar is nog steeds suiwer gerig op die beskrywing van taalgebruik.

derhalwe onsin of fantasie is. Deur dié *werklikheidskonflik* word die werklikheid eksplisiet as taalgebruiksprobleem gegee. En daarmee word onvermydelik ook die probleem gestel van die *kontekstuele integrasie* van die problematiese feitsake. Hoe word die fantasie as sodanig in die Donne-Song geïntegreer? Dit geskied in die tweede strofe:

> *If thou beest borne to strange sights*,
> *Things invisible to see*,
> *Ride ten thousand daies and nights*,
> *Till age snow white haires on thee*,
> *Thou*, *when thou retorn'est*, *wilt tell mee*
> *All strange wonders that befell thee*....

Hier, waar die aangebodene eksplisiet as ‘strange sights’, ‘things invisible’ en ‘strange wonders’ gegee word, word die feitsake van die eerste strofe as fantasie kontekstueel geïntegreer.

Ons het hierbo gesê dat die feitsake in taalgebruik 'n werklikheid ‘pretendeer’. En ons het toe die onbepaalde lidwoord om heel bepaalde redes gebruik: alle feitsake wat in taalgebruik gegee word, word naamlik gekonfronteer met *die in-ervaring-gekende werklikheid van 'n bepaalde kultuur in 'n bepaalde fase van sy bestaan*.

Ons ‘werklikheid’ is dus nie *dié* werklikheid waaroor die filosowe dit in hulle ‘Wirklichkeitslehre’ het nie. Dit is steeds 'n bepaalde, tyd-ruimtelik begrensde konfigurasie van ‘houdings’. Daarom is dit vir taalkundiges en literatuurkundiges so gebiedend noodsaaklik om, veral daar waar hulle te staan kom voor tekste uit ander kulture of uit ouer kultuurfases, deur kultuurmorfologiese rekonstruksie die ervaringswerklikheid te leer ken waarbinne die betrokke geval van taalgebruik as historiese gegewenheid behoort. Maar al te dikwels word die ondersoeker se eie histories-bepaalde werklikheid normgewend vir feitsake wat met 'n totaal andere

ervaringswerklikheid gekonfronteer moet word. Ons sal dit met 'n uiters eenvoudige voorbeeld illustreer[1].

In 1908 verskyn Totius se eerstelingbundel: *By die Monument*. Daarin staan een van sy bekendste gedigte - *Vergewe en Vergeet*. In hierdie gedig word die stryd tussen Boer en Brit simbolies weergegee: 'n swaar ossewa (die Engelse) vertrap 'n doringboompie (die Boere) onder sy wiele.

Die keuse van die *ossewa* as simbool vir die Engelse is vir die noukeurige Afrikaanse leser van vandag beslis eienaardig. Die ossewa, wat deur die Voortrekkers gebruik is om laer te trek teen vyandige inboorlinge, word in *Vergewe en Vergeet* simbolies van agressie wat teen die Afrikaner gepleeg word Inderdaad 'n hoogs eienaardige sameloop van sake.

Die Totius wat hierdie gedig omstreeks 1908 geskryf het, het egter nog veel meer as die Afrikaner van vandag, die ossewa in sy hoedanigheid van alledaagse gebruiksartikel geken. Dit was nog die dae van die transportryer (vergelyk Celliers se *Eensaamheid*) en Totius kon hom dus in alle waarskynlikheid maklik losmaak van die ‘historiese’ ossewa. En daarom kon hy ook hierdie alledaagse vervoermiddel simbolies inspan soos hy wou. Vir die Afrikaner van 1954 is die ossewa daarenteen al 'n seldsaamheid wat eerder historiese as praktiese ‘konneksies’ daarop nahou. Die stilistikus wat wil nagaan wat daar op die wyse van die taal met ‘ossewa’ gegee word, sal hierdie verskil in ‘houding’ noukeurig in aanmerking moet neem.

Ook by die metaforiese gebruik, waar die werklikheid eksplisiet mede-aangebied word, is kennis van die betrokke

1 Vergelyk vir die prinsipiële standpunt: E. Cassirer, *Philosophie der symbolischen Formen* I, *Die Sprache*, 1923. Vgl. vir 'n toepassing van hierdie prinsipe: Hannes Maeder, *Versuch über den Zusammenhang von Sprachgeschichte und Geistesgeschichte*, 1945.
Vergelyk ook die volgende artikels van W. Gs Hellinga: *Naamgevingsproblemen in de Reynaert* (Bijdragen en Mededelingen der Naamkundecommissie van de Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen te Amsterdam, III, 1952; b) *Interpretatie van de Nachtwacht*, in: *De Gids* 118, Maart 1955.

ervaringswerklikheid vir die stilistikus 'n volstrekte vereiste. Die persoon wat in ons ervaringswerklikheid vir die eerste keer iemand afgesnou het met die woorde: ‘jy is 'n pappegaai’, het ‘pappegaai’ metafories gebruik. 'n Persoon en 'n pappegaai val binne ons werklikheidspatroon nie saam nie en die persoon wat hulle laat saamval, skep gevolglik 'n werklikheidskonflik. 'n Indiaan wat die pappegaai as totemdier ken en wat hom met hierdie voël volledig vereenselwig[1], gebruik geen metafoor wanneer hy aan 'n stamgenoot sê: ‘jy is 'n pappegaai’. Die werklikheid word deur hierdie vereenselwiging nie oortree nie.

Die Donne-‘onsin’ en die metafoor-‘onsin’ moet intussen skerp onderskei word van die on-sin wat gegee word met byvoorbeeld: ‘ik bloeien rode de grote resida's zie’. Hierdie taalgebruik is nie in feitelike opsig problematies nie, maar in *vormlike* opsig. Die gebruikte vorme is naamlik in konflik met 'n *essensiële* moment van die taalsisteem. Ook al kan in die taalgebruik die aanbod geïnterpreteer word of ná taalbeskoulikheid die vorm gekorrigeer word, bly die gegewe taalgebruik *op die wyse van die taal* on-sin. In al dergelike gevalle van abnormale taalgebruik word die gebruikte vorm mede versaaklik en word die konflik in *sisteem*beskoulikheid geken[2].

Ook die *leuen* moet nie met die onsin of fantasie gelykgestel word nie. Die leuen word immers juis as ‘normale’ of onproblematiese feitsaak aangebied, terwyl die onsin of

1 ‘The ethnologist Karl von den Steinen relates that the members of certain totemistic clans of an Indian tribe asserted they were one with the animals from which they derived their origin: they expressly declared themselves to *be* aquatic animals or red parrots’ (E. Cassirer: *An Essay on Man*, 1944, bls. 83).

2 Stel hierteenoor die *anormale* taalgebruik in die ‘gravy’ - en ‘glimlachen’-gevalle waar die gebruikte vorme in konflik is met 'n *konvensionele* moment van dit taalsisteem. Vgl. A.A. Grünbaum, *Sprache als Handlung*, Bericht über den XII. Kongress der Deutschen Gesellschaft für Psychologie, Jena, 1932, bls. 164 vlgg; en Reichling: *Over Essentiële en Toevallige Taalregels*, 1939.

fantasie eksplisiet as problematiese feitsaak aangebied word.

7.

Daar is, ten slotte, ook feitsake wat in taalgebruik problematies is sonder dat hulle in konflik met die werklikheid verkeer. Hierdie feitsake ‘beantwoord’ aan die werklikheid - sodat die werklikheid nie mede *as probleem* gegee word nie - maar is problematies omdat hulle 'n *kontekstuele konflik* open. Vergelyk byvoorbeeld die aanvangsreëls van *Het Uur U* van Nijhoff:

> *Het was zomerdag.*
> *De doodstille straat lag*
> *te blakeren in de zon.*

Tot op hierdie stadium in die sig-vormende vorm is die as-bepaald-gegewe straat kontekstueel nog nie as sodanig gelokaliseer nie. Die bepaalde straat wat in die son lê en blaker is dus in kontekstuele opsig problematies[1].

In dergelike gevalle, waar die feitsaak problematies word sonder dat hy eksplisiet in sy werklikheidstellende aspek in die gebruik tree (waar die werklikheid m.a.w. ‘verbruik’ word), praat ons van 'n *feitelike konflik*. Taalgebruik word vir ons m.a.w. problematies in *feitelike* opsig wanneer die feitsaak, wat aangebied is *op die wyse van die taal*, a) in die sig-vormende vorm in konflik is met die feitekonstellasie wat tot op daardie oomblik in taalgebruik gekonstitueer is, en b) in die gevormde vorm in konflik is met die gekonstitueerde feitekonstellasie.

Ons lig die feitelike problematiek nogeens toe aan die hand van 'n voorbeeld waarin ook die belangrikste ander probleemsoorte ter sprake kom, met name die medeversaaklikte taalvorm en die werklikheidskonflik. En die probleemsoorte tree, vir hierdie finale monstering, almal aan in die vierde vers van Eugène Marais se *Towenares* wat ons hier in sy geheel aanhaal:

1 Vgl. F. Lulofs, *Verkenning door varianten*, *De redacties van het* UUR U *van M. Nijhoff stilistisch onderzocht* (ter perse).

Wat word van die meisie wat altyd alleen bly?
Sy wag nie meer vir die kom van die jagters nie;
sy maak nie meer die vuur van swart-doringhout nie.
Die wind waai verby haar ore;
sy hoor nie meer die danslied nie;
die stem van die storieverteller is dood.
G'neen roep haar van ver nie
om mooi woorde te praat.
Sy hoor net die stem van die wind alleen,
en die wind treur altyd
om hy alleen is.

In vers 4 word daar twee probleme gestel: waarom ‘verby haar *ore*’ en: waarom ‘*verby* haar ore’?

Die eerste probleem: waarom die wind nou juis die meisie se *ore* uitsoek, is 'n suiwer *feitelike* aangeleentheid, skep 'n feitelike of kontekstuele konflik. En as ons dientengevolge dan ook die konteks raadpleeg en nagaan hoe die sigvormende vorm hom ná die vierde vers ontvou, dan blyk dit dat die meisie ná die vierde vers alles deur die gehoor ervaar. Daarom ook dat die wind haar in die vierde vers ‘all ears’ maak: sy is enkel in haar ‘oor’ - of ‘hoor’ - hoedanigheid ter sake.

Waarom ‘*verby* haar ore’? Hierdie vraag stel 'n probleem van 'n ander en verwikkelder orde as die ‘ore’-kwessie. daar is in die eerste plek sprake van 'n mede-versaaklikte taalvorm: ‘verby’ word hier anormaal gebruik. Vergelyk byvoorbeeld ook: ‘die wind waai vandag verby my windpomp’. Iemand sou hierop tereg kon antwoord: ‘maar wat sou die wind dan teen jou windpomp hê dat hy vandag aan hom verbywaai?’ Die normale gebruik sou wees: die wind waai *om* haar ore.

Deur die mede-versaakliking van die taalvorm het ons 'n dubbele aanbieding van feitsake. Die mede-versaakliking van die taalvorm bestaan immers daaruit dat die normale taalvorm saam met die anormale taalvorm *in die gebruik*

Wat word van die meisie wat altyd alleen bly?
Sy wag nie meer vir die kom van die jagters nie;
sy maak nie meer die vuur van swart-doringhout nie.
Die wind waai verby haar ore;
sy hoor nie meer die danslied nie;
die stem van die storieverteller is dood.
G'neen roep haar van ver nie
om mooi woorde te praat.
Sy hoor net die stem van die wind alleen,
en die wind treur altyd
om hy alleen is.

tree, d.w.s. *feitelik* aan bod kom[1]. Deur hierdie inbruikneming van die normale naas die anormale sê ‘verby’ nou in feite: die wind waai *verby*, *nié om* die meisie se ore. En hierdie aktiwiteit van die feitsake wat aan ‘verby’ beantwoord, open nou sowel 'n werklikheidskonflik as 'n feitelike konflik.

Die *werklikheidskonflik* ontstaan omdat die dubbel-gegewe en daarom gereleveerde windrigting 'n heel eienaardige *wind*-feitsaak skep. Hierdie wind, wat *verby en nié om* waai nie, is gelokaliseer en begrens op 'n wyse wat hom die aanvang van konkrete omtrekke en afmetings besorg. Hy korrel immers so noukeurig en blykbaar willens en wetens (vergelyk weereens die ‘windpomp’-voorbeeld) dat hy 'n haas wesenlike aanwesigheid word. So 'n be-liggaamde wind kom in òns alledaagse werklikheid nie voor nie. Raadpleeg ons egter die konteks, dan blyk dit dat hierdie wind-met-die-lyf in *Die Towenares* in sy anormale bestaanswyse heeltemal tuis of geïntegreer is. Hy waai naamlik in 'n *primitiewe wêreld*[2], 'n wêreld waarin ook die eksplisiete personifikasie van die wind, soos dit vanaf die negende vers plaasvind, volkome van pas is.

Die *windsaak* word aangebied in konflik met die werklikheid; die wind*rigting*-saak (verby, nié om nie) open 'n feitelike of *kontekstuele konflik*. Waarom immers die relevering van die windrigting.

Die konteks verstrek weereens op afdoende wyse die antwoord. In die eerste vers word 'n ‘leemtevraag’ gestel, d.w.s. 'n vraag waarin daar sowel 'n bepaalde kennis as 'n leemte aanwesig is. Dat die meisie altyd alleen bly, is vir die situasie naamlik geen vraag nie, maar word as feitelike gegewe gestel. Hierdie feitelike inhoud lê aan alles wat daarop volg besliste beperkings op: die meisie is permanent alleen en die

1 Vergelyk hierbo blss. 16 en 27.
2 Vergelyk hieroor: *Sistematiese Verslag van 'n Stilistiese Analise - Eugène Marais: Die Towenares*, 1950, hoofstuk VII: *Grootste Gemene Deler: Die Primitiewe*.

Wat word van die meisie wat altyd alleen bly?
Sy wag nie meer vir die kom van die jagters nie;
sy maak nie meer die vuur van swart-doringhout nie.
Die wind waai verby haar ore;
sy hoor nie meer die danslied nie;
die stem van die storieverteller is dood.
G'neen roep haar van ver nie
om mooi woorde te praat.
Sy hoor net die stem van die wind alleen,
en die wind treur altyd
om hy alleen is.

gebeure in die gedig mag hierdie eensaamheid nie skend nie. Dit is daarom ook verklaarbaar dat die wind *verby* haar waai. Sodoende laat hy haar in haar eensaamheid en word hy meteen voorberei op sy eie eensaamheid: ‘en die wind treur altyd / om hy alleen is’. Die kontekstueel-problematiese windrigting is dus as feitsaak volledig geïntegreer in *Die Towenares*.

In die sewe afdelings van hierdie eerste hoofstuk het ons die probleemveld van die stilistiek in groot trekke probeer afsteek. Die probleemtipes is deurgaans opgediep uit bepaalde gevalle van taalgebruik en ons kon sodoende reeds in hierdie prinsipiële hoofstuk aanduidings gee van die wyse waarop 'n stilistiese analise verloop. Die betrokke gevalle van taalgebruik is egter, vanweë die prinsipiële strekking van die hoofstuk, nie soseer om hulle eie ontwil ondersoek nie - hulle was vir ons in die eerste plek probleem-draers. Die disseksie is gevolglik ook gerig op die ‘aangetaste’ dele en gestaak sodra die probleemtipes oop en bloot lê.

Die wese van ons stilistiese benadering lê egter juis daarin dat ons die gegewe geval van taalgebruik homself wil laat wees, dat ons hom nie aan iets anders diensbaar wil maak nie. Daarom in die volgende hoofstuk onder meer 'n kort proefanalise waarin ons 'n gedig van Leopold sy eie sê sal laat sê.

Hoofstuk II
Kreatiewe analise

1.

'n Boek lê oop. En aan die tipografiese organisasie herken ons dadelik die teks op die dubbelblad onder ons oë as poësie. Of ons te make het met die fragment van 'n gedig wat voor die linkerbladsy begin, wat ná die regterbladsy eindig, of dit één selfstandige gedig of twee afsonderlike gedigte is: dit sal eers vasgestel moet word deur die lesende oog. En die lesende oog kan al hierdie gegewens vasstel nog voordat die wetenskaplike ondersoek van die betrokke taalgebruikseenheid 'n aanvang neem. Ja, dit móét selfs deur die lesende oog vastgestel word en wel, gesien van die standpunt van die linguistiek, op vóórwetenskaplike wyse. Anders gestel: die stilistiek aanvaar 'n taalgebruikseenheid in die bogenoemde opsigte as gegee sonder om dit in prinsipe self te kontroleer. Waarmee ons natuurlik glad nie uitsluit dat die stilistiek, in die veld van sy eie ondersoek, tot so'n kontrole en eventueel ook tot 'n afwykende oordeel gedwing mag word nie.

Die boek lê intussen nog oop en die stilistikus weet nou dat sy ondersoek in hierdie besondere geval gerig sal word op poësie. En daarmee weet hy ook al by voorbaat dat daar sprake kan wees van rym en binnerym, van metrum en van spesifieke poëtieke versvorms, van 'n rangskikking van verse tot sogenaamde strofes en van 'n besondere hantering van hoofletters. Die stilistiek reken dit tot sy taak om vas te stel of hierdie en dergelike momente aanwesig is ten einde dan te bepaal hoe hulle in die betrokke geval van taalgebruik funksioneer *op die wyse van die taal*.

Die stilistikus weet al hierdie dinge so by voorbaat omdat dergelike insigte deel is van sy kultuurbesit. Daarom dat hy hierdie kennis eers moet verwerf wanneer hy gebruiksgevalle

wil ondersoek wat behoort tot kulture wat hom wesensvreemd is[1].

Die stilistikus begin dus nie ‘by die begin’ nie, daar waar byvoorbeeld in die aanvang van hierdie eeu die ondersoek na die Hetitiese tekste moes begin nie. Hy hoef nie te begin deur op die wyse van die wetenskap te probeer vasstel of die *figurae* op die bladsy *signa*, dat die *signa* op bepaalde en dikwels tradisioneel gekondisioneerde wyses simboliese vorme konstitueer nie[2]. Hy gaan daarvan uit dat hy die gegewe geval van taalgebruik kan verstaan, kan lees noudat 'n boek ooplê. En hy kan dit doen omdat hy in prinsipe beskik oor 'n adekwate kennis van die kultuur waarbinne die gekose objek in genetiese opsig gegee is. Waarmee nie beweer word dat hy hierdie ideale kennis op eie houtjie verwerf nie. Inteendeel. Hy ontleen hierdie waardes, wanneer hy hulle nodig kry, aan ander wetenskapsgebiede. Wanneer daar dan ook oor dergelike punte 'n diskussie geopen word, verwys die stilistikus die opposisie na 'n spesialis.

Bowendien gaan die stilistikus by sy ondersoek van taalgebruik daarvan uit dat hy beskik oor 'n ideale kennis van die taalsisteem wat in gebruik geneem word. Hy weet m.a.w. in prinsipe wat die taalvorme *kán* doen en moet nou vasstel wat die taalvorme in die gegewe gebruiksgeval in feite doen. Hierdie *sisteem*kennis reken hy tot sy wetenskapsgebied. Wanneer 'n diskussie oor suiwer linguistiese aangeleenthede geopen word, aanvaar hy self die verantwoordelikheid[3].

2.

Om te hervat. 'n Boek lê oop. Dit is die tweede druk van J.H. Leopold se *Verzen* (Rotterdam 1920). Daar staan op die linkerbladsy die gedig:

1 Vergelyk hierbo bls. 29 vlg.
2 Vergelyk W. Gs Hellinga: *Principes linguistiques d'édition de textes*, *Lingua*, Volume III (1953), bls. 295 vlg.
3 Die linguistiek het 'n substraat wat antropologies gekondisioneer is, 'n substraat wat verder reik as wat oor die algemeen aanvaar word. As die diskussie hom op hierdie aspek rig, dan verwys die stilistiek na 'n ander vakwetenskap wat ons die *antropologie* noem.

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt

Ons begin te lees. Die lesende oog begin sy taak en in hierdie komplementêre eenheid van ontvangs en aanbod word die taalgebruiksituasie gekonstitueer. Ons, die lesers, neem kennis van wat in hierdie teks deur middel van taalvorme aangebied word. In die geheel van die dan gekonstitueerde *handelingsituasie* is hierdie moment van *kennisneming* 'n psigologies gekondisioneerde feit. Daarvan moet prinsipieel onderskei word: wát die taalvorme in taalgebruik doen *op die wyse van die taal*.

Ons het hierdie onderskeiding in die eerste hoofstuk reeds konsekwent eerbiedig by ons voorlopige en ‘diensbare’ analises. Dit is vir die stilistiek op linguistiese grondslag so 'n belangrike prinsipieel-metodologiese moment dat ons die lesende oog weereens in die rede gaan val met 'n kort teoretiese uiteensetting oor die implikasies van ons deurgaans kursief-gehanteerde kwalifikasie: ‘op die wyse van die taal’.

Wanneer 'n bioloog wil weet hoe 'n bepaalde lewende organisme funksioneer, wanneer 'n psigoloog die mens wil leer ken in sy gedrag onder bepaalde omstandighede, dan sal albei ondersoekers in waarneming gerig wees op hulle onderskeie objekte. Hulle sal die gebeure *in beskouing moet leer ken*.

Dit is ewe vanselfsprekend dat die beskoulikheid van albei ondersoekers, altans in prinsipe, geen moment of aspek is van wat hulle waarneem nie. Ook as iemand homself as waarnemende persoon wil ondersoek en daarby introspektief te werk gaan, wanneer hy dus in waarneming gerig is op homself-as-waarnemer, dan is sy selfbeskoulikheid nie 'n moment of aspek van sy waarnemingsobjek nie. Eers wanneer die ondersoeker-aan-die-werk deur 'n derde persoon waargeneem word, is sy beskoulikheid geïntegreer in die waarnemingsveld van die derde.

Ook as ons wil beskrywe wat taalvorme in taalgebruik doen, moet ons ons daartoe *altyd in waarneming rig op 'n geval van taalgebruik*. As waarnemer is ons altyd *taalbeskoulik*. Maar hierdie taalbeskoulikheid van ons is nooit 'n moment of aspek van ons waarnemingsobjek nie.

Nou is taalgebruik 'n handelingsmoment in 'n handelingsituasie wat verloop van kennisgewing tot kennisneming. En elkeen wat van taalgebruik kennisneem, is in die handelingsituasie opgeneem - of dit nou die bedoeling is of nie. Elkeen wat saamluister, ook al is dit na 'n gesprek van andere waarmee hy niks te make het nie, is opgeneem in die handelingsituasie. En ook hy wat 'n boek opneem en begin lees, is in kennisneming betrokke by 'n handelingsituasie wat op daardie oomblik gekonstitueer word in die hernude aanvang van die kennisgewing deur een of ander outeur. Op hierdie wyse is ook hy wat hom *in waarneming* rig op taalgebruik, opgeneem in die handelingsituasie waarvan daardie taalgebruik 'n moment uitmaak.

Ter wille van 'n juiste waarneming, moet die linguïs daarom skerp onderskei tussen a) *die gebruik van taal*, d.i. die

handelingsituasie as geheel, en b) *die taalgebruik* as handelingsmoment binne hierdie handelingsituasie. Maar by die gebruik van taal is diegene wat te kenne gee mede, maar dan as nie-linguale moment, in die taalgebruik te onderken. Dit is die taak van die linguis wat die taalgebruik bestudeer om ook hierdie moment daarvan in onderskeiding te skei. Anders gestel: by hierdie ondersoek is die verhouding van die kennisgewer tot die feitelike aanbod, wat hom deur die taalvorme voltrek, nie mede-objek van waarneming nie. Ewemin is ter sake die materiële aspekte van die taalvorme, of dit klankvorme of skrifvorme is, wat die sogenaamde personale moment van die kennisgewer uitmaak[1]. Die linguis vra dus nie waarom iets deur iemand meegedeel word nie; hy raak nie onder die bekoring van 'n vrouestem wat hom miskien as man in die grootste verwarring sou kon bring nie; en indien hy as grapholoog sou kon vasstel dat iemand 'n belangrike mededeling met 'n onmiskenbaar leuenagtige hand geskryf het, dan sou hierdie feit, wat vir die handelingsituasie uiters belangrik is, tog in linguistiese opsig irrelevant wees[2].

Nie enkel die kennisgewer nie, ook diegene wat kennis-*neem* is in die handelingsituasie opgeneem. Iedere kennisgewing eindig, deur die interpretasie van aanbod en bedoeling, in die begrip, die beaming, die illusie of die misverstand van die kennisneming. Die presiese reaksie sal afhang van die intelligensie en intensie van die kennisnemer. Maar vir die taalkundige wat taalgebruik waarneem, moet ook die oordeel van iedere kennisnemende subjek in onderskeiding van sy waarnemingsobjek geskei word. Vir die linguis is die sluitstuk van die taalgebruik die konfrontasie van die aangebode feitsake in hulle werklikheidstellende

1 H.C.J. Duijker, *Extralinguale elementen in de spraak*, 1946. Vergelyk daarteenoor die studie van A. Reichling: *Over het personale aspect van taalgebruik*, in: *Bundel Opstellen van oud-leerlingen aangeboden aan prof. dr. C.G.N. de Vooys*, 1940, 283-310.

2 Op die probleem van reproduktiewe taalgebruik - op die vraag wat daar gebeur wanneer 'n mens iets aan iemand anders dikteer of iets oorskryf - hoef hier nie ingegaan te word nie.

aspek met die ideale ervaringswerklikheid van die kultuur of kulture waarbinne die handelingsituasie hom bevind[1].

Die linguis bestudeer hier dus uitsluitlik die funksie van taalvorme in taalgebruik *op die wyse van die taal*, d.w.s. a) in so verre hulle, in wat hulle doen, bepaal is deur 'n histories gegewe taalsisteem en deur die konvensie wat binne hierdie sisteem van krag is en b) soos hulle in die gestelde verband, d.w.s. kontekstueel, geïntegreer is.

Hiérop rig die linguis hom in waarneming en hy beskryf dan die funksionering van taalvorme a) sonder om sy eie taalbeskoulikheid as moment of aspek in sy beskrywing te betrek en b) sonder om die verhouding van kennisgewer en kennisnemer tot die taalgebruik mede tot objek van waarneming te maak.

3.

Die stilistiek op linguistiese grondslag wil dus die taalgebruik beskrywe, wil beskrywe wat gegee word op die wyse van die taal. En wat aangebied word in taalgebruik - ons het dit hierbo probeer uiteensit - word nie bepaal deur die psigologie van die leesproses nie, maar deur die struktuur van die taalsimbool: nooit kan twee taalsimbole tegelyk te kenne gegee word nie. Iedere taalaanbod, in die sin van ‘te kenne gee’, geskied agtereenvolgens in die tyd. Hierdeur word bepaal *die prinsipe van die sig* (op die wyse van die taal) *vormende vorm*.

Hierdie prinsipe hou in dat die reeds gegewene telkens opnuut die volgende aanbod bepaal. Die essensiële struktuurreëls van die gegewe taalsisteem met sy gegewe konvensie besluit m.a.w. watter taalgebruiksmoontlikhede daar in strukturele opsig voor die deur lê[2]. Egter met dien verstande

1 Vergelyk hierbo bls. 28 vlg.

2 Vergelyk Reichling: *Het Woord*, bls. 147. Reichling se beperking ten opsigte van die feitekombinasie (*hond* sou volgens hom nie regstreeks met *cosinus* in verband gebring kan word nie, tensy miskien dadaïsties) kan as 'n esteties gekondisioneerde vergissing van die outeurlinguis beskou word.

dat met iedere aanbod 'n taalgebruikseenheid afgesluit kan word. En met hierdie aspek van die vorm wat homself vooruit projekteer, is komplementêr verbonde die aspek van die vorm wat homself terug-struktureer. Ná elke nuwe aanbod word die gegewe struktuur m.a.w. gereorganiseer.

Om dit vir ons en vir die leser maklik te maak, sal ons die prinsipe van die sig-vormende vorm nie demonstreer met 'n struktuurtekening nie, maar wel met 'n illustrasie van moontlikhede soos dit binne essensieel en konvensioneel bepaalde reëls voor die hand lê. Ons kies as uitgangspunt die tweede taalvorm in die aangehaalde gedig van Leopold:

Om mijn: maar niet jouw appelboompjes...
zeven
zeer oude
en dorre
ja al te dorre.

As 'n mens hierdie klein demonstrasie nagaan, dan blyk dit dat die moontlikhede in essensieel-konvensionele opsig - soos trouens te verwagte was - beperk is. In feitelike opsig is 'n volgende aanbod onbepaalbaar.

Die feit dat die taalgebruik bepaal word deur die essensieel-konvensionele moment, hou die moontlikheid van *anormale* taalgebruik in. In prinsipe kan vorme te kenne gegee word wat te kenne *is* binne 'n gegewe taalsisteem, maar wat afwyk van die konvensie wat binne daardie sisteem heers[1]. *Abnormale* taalgebruik, d.w.s. taalgebruik wat buite die essensiële reëls van 'n bepaalde sisteem val, word egter deur die beperking van die *essensieel*-konvensionele moment uitgesluit[2], tensy natuurlik dergelike abnormale taalgebruik kontekstueel geïntegreer is (byvoorbeeld wanneer gekkepraat in die konteks ter sake is).

Wat hierdie beperking in die taalgebruik beteken, en

1 Vergelyk hierbo bls. 16.
2 Vergelyk hierbo bls. 31.

tewens: waarom by die analise die kennis van hierdie beperkende momente prinsipieel as geken veronderstel moet word, word duidelik wanneer ons nagaan watter struktuurgroeperings daar in matematiese opsig moontlik is in gegewe eenhede van I plus *n* woorde[1]:

a_2 : 2

a_3 : 8

a_4 : 52

a_5 : 472

a_6 : 5504

a_7 : 78416

a_8 : 1320064

Hierdeur is die gedagte uitgesluit dat die analise van die sig-vormende vorm in die taalgebruik eers dan volledig kan wees wanneer alle matematiese struktuurgroepe vormlik geken en in hulle gebruiksmoontlikhede gepeil is. Net soos die handel-met-taal die struktuurbeperking van die taalgebruik veronderstel, so is ook in die waarneming van die taalgebruik die kennis van die struktuurbeperking gegee.

Die implikasie hiervan is dat die waarnemer van die taalgebruik die aanbod-as-sodanig, dus as gegewenheid in die gebruiksituasie waarin hy self ook opgeneem is, ken. Dit in teenstelling tot die filoloog wat 'n Togaarse teks probeer vertaal, d.w.s. die aanbod wat gedoen word probeer verstaan. Daarom kan 'n mens ook sê dat die waarneming daaruit bestaan dat die taalkundige 'n *gekende* aanbod linguisties, op die wyse van die wetenskap en dus *kontroleerbaar*, probeer ken.

Dit is natuurlik in prinsipe moontlik dat die stilistikus 'n bepaalde gebruiksgeval volledig op die wyse van die wetenskap wil ken. Of dit prakties moontlik is, is 'n ander kwessie. Dit is in ieder geval sy saak. So sal een taalkundige

1 Ons dank hierdie kennis aan dr. G.W. Decnop, matematikus en wetenskaplike assistent aan die Universiteitsbiblioteek van Amsterdam.

die klankgeskiedenis van Frans bestudeer met 'n volledigheidsdrang wat hom die een vet boekdeel na die ander laat publiseer, terwyl 'n ander met eweveel belangstelling 'n klein studie maak van die ontwikkeling van Latyn [*u*] in die Pikardies van die twaalfde eeu. Wat in 'n geval van taalgebruik waargeneem word, waarvan dus die voorwetenskaplike kennis omgeset sal word tot kennis-op-die-wyse-van-die-wetenskap, word bepaal deur die belangstelling, die gerigtheid van die taalwetenskaplike waarnemer. Hy self bepaal wat vir hom problematies is. Daarna sal in die wetenskaplike oordeel van ander bepaal word: nie slegs of die probleemstelling en die metode van ondersoek juis was nie, maar ook of die waarneming ver genoeg deurgevoer is om tot goed gefundeerde gevolgtrekkings te kan lei.

4.

Die metodologies verantwoorde moontlikheid van die *beperking* maak dit vir ons noodsaaklik om ons standpunt teenoor die *sitaat* te bepaal. En aangesien die stilistiek in baie gevalle juis poësie sal ondersoek, word dit noodsaaklik om ook ons standpunt te bepaal teenoor die eise wat 'n objek as *Gestalt* aan die waarneming sou kon stel.

Dit is hierbo opgemerk dat die wetenskaplike in prinsipe die volledigheid kan beoog, maar dat sy spesifieke belangstelling in die praktyk paal en perk aan sy ondersoek sal stel. Ons herhaal: hy kàn die volledigheid beoog. En met hierdie bewering herroep ons 'n vorige uitspraak van die stilistiek op linguistiese grondslag, naamlik: ‘Die stilistikus word gekonfronteer met 'n taalsituasie. Hy ondersoek die taalwaardes in hulle betrokkenheid op die bepaalde taalsituatie. *Daarvoor moet hy die taalsituasie volledig analiseer*, *alle vormstrukturerende momente agterhaal*....[1]

Selfs in Scholtz se analise van *Die Towenares*, waarin daar 'n goeie twee honderd bladsye nodig was om te verduidelik wat daar op die wyse van die taal gebeur in 'n gedig van elf

1 Scholtz: *Sistematiese Verslag van 'n Stilistiese Analise - Eugène Marais: Die Towenares*, 1950, bls. 14.

verse, word ongetwyfeld eweveel diskussies geopen as wat daar diskussies afgesluit word. Die wins van dergelike monografieë bly egter steeds dat èn die fout èn die juiste insig daarin, altans in prinsipe, linguisties kontroleerbaar bly. Hierdeur word daar vir eventuele verdere gesprekke 'n vaste uitgangspunt en selfs rigting gegee.

Ons beweer dus nou: die stilistikus stel vas, - en dit geskied uiteraard in gedurige struktuuroorleg met sy objek, - wat vir hom probleem gaan wees; hy gaan gevolglik noodsaaklikerwyse *siteer* en gaan dan nie meer ná wat die sitaat in 'n *volledig*-gekende taalgebruikseenheid doen nie; hy gaan eenvoudig ná wat 'n sitaat doen in 'n taalgebruikseenheid.

In hierdie formulering lê ook al implisiet 'n kwalifikasie van die begrip *sitaat* soos dit deur ons hanteer word. Ons ondersoek naamlik die funksie van 'n sitaat (die sitaat kan verskillende probleemsoorte stel - vergelyk hoofstuk I) *binne* 'n bepaalde taalgebruikseenheid. Ons siteer m.a.w. nie *uit* 'n taalgebruikseenheid nie, ons siteer *binne* hom. Die problematiese *aspek* wat linguisties onder die loep geneem word, is geen *element* wat ons los optel en wat ons desnoods ook in 'n ander verband kan gaan beskou nie. Iemand wat byvoorbeeld 'n werk oor die versbou skryf, gaan op hierdie wyse te werk: hy siteer *uit* die poësie, haal die sitaat uit sy kontekstuele verband en gaan gebruik hom vir klassifikatoriese doeleindes. Ons sitaat is daarenteen steeds 'n *moment* van die taalgebruikseenheid, 'n onvervreemdbare onder-deel wat wesenlik afhanklik is van die eenheid waarin hy voorkom.

Op grond hiervan durf ons ons stilistiese beskrywing aankondig as 'n *kreatiewe analise*. Om die geheel *sinteties* uit sy onderdele te probeer saamstel, deug nie[1]. Die omgekeerde weg moet bewandel word: die onderdele moet binne die

1 'The totality is not a superordinated unity built up of elements and something more than their sum. It has an entirely different origin; it is prior to any division in elements whatsoever'. Aldus Heinz Werner: *Comparative Psychology of Mental Development*, 1948, bls. 8.

geantisipeerde geheel ‘geartikuleer’ word. Die kreatiewe ‘antisipasie’ en die analitiese ‘artikulasie’ van die sitaat *binne* die geantisipeerde geheel, is 'n bedryf wat die suiwerste aangedui kan word as *kreatiewe analise*[1].

Deur hierdie gedurige gerigtheid op 'n *bepaalde* geval van taalgebruik word ons standpunt wel die allermeeste onderskei van dié van ondersoekers wat die sogenaamde ‘allgemeine Stilistik’ beoefen[2]. Die volgende uitlating van Wolfgang Kayser is daarom ook vir ons prinsipieel onhoudbaar: ‘Die stilistische Ausdeutung einer ganzen Sprache unterscheidet sich damit zunächst nur durch die Grösze des Beobachtungsmaterials von der stilistischen Deutung eines Werkes’[3]. En ons haal hierdie bewering hier aan nie omdat ons wil polemiseer nie, maar omdat dit een van die essensiële punte van verskil is wat vir ons onderskei van 'n benaderingswyse waarmee ons origens heelwat gemeen het.

Vir die stilistiek op linguistiese grondslag is daar - ons herhaal - enkel bepaalde, spesifieke taalgebruikseenhede wat aan die kreatiewe analise onderwerp word. Die gegewe eenheid word eerbiedig en word nie oorskry in 'n poging tot vergelyking of klassifikasie nie.

Dat die stilistikus die taalgebruikseenheid as sodanig eerbiedig, wil egter hoegenaamd nie sê dat alles in 'n dergelike eenheid nou teen wil en dank samehang moet vertoon nie. Die term gebruik*seenheid* kan maklik die indruk skep dat die gebruiksgeval vir die stilistikus by voorbaat 'n *Gestalt*, 'n *geheel* is waarin àlles struktureel saamhang of geïntegreer is. Hierdie opvatting word egter geensins deur die stilistikus gehuldig nie. Wat saam gegee word, hoort immers nie noodsaaklikerwyse struktureel saam nie. Dat 'n bepaalde gebruiksgeval 'n Gestalt, 'n geheel is, kan dus nooit vir ons

1 Vgl. oor die begrip ‘kreatiewe analise’ verder nog: Werner: *Comparative Psychology of Mental Development*, bls. 6 vlg.

2 Vergelyk onder meer: Herbert Seidler: *Allgemeine Stilistik*, Göttingen 1953.

3 *Das sprachliche Kunstwerk*, 1954[3], bls. 128.

uitgangspunt of *voorskrif* wees nie. Dit is hoogstens 'n konklusie, 'n *naskrif* wat ons op grond van ons analise kan aanbied.

5.

In die vorige paragrawe het ons gaan praat oor enkele prinsipiële implikasies van die prinsipe van die sig-vormende vorm nog voordat ons oor die sig-vormende vorm self heeltemal uitgepraat was. Daarom, voordat ons die gedig van Leopold eindelik ongesteurd aan die woord laat, nog enkele opmerkings oor hierdie kernbeginsel.

Daar moet gewaak word teen die opvatting dat die sigvormende vorm met sy strukturele heen-en-weer alleen *in die ondersoek geken word*, dat dit enkel vir die ondersoek van belang is. Dit is 'n struktuur*feit* wat die aanbod wesenlik bepaal. Dit is slegs die projeksie-aspek van die sig-vormende vorm wat byvoorbeeld die ‘gravy’-geval moontlik gemaak het. En vir die gedig van Leopold sal nog blyk hoe die poëtiese wêreld sy besondere samestelling in hoë mate te danke het aan die verwikkelde spel van gegewe waardes wat deur die terugstrukturering gereorganiseer word sonder dat hulle hulle aanvanklike waarde heeltemal prysgee. Voordat ons egter die sig-vormende vorm voluit in die analise van Leopold se gedig gaan hanteer, wil ons die terug-strukturerende aspek daarvan aan 'n eenvoudige geval demonstreer, naamlik aan *De twee nablijvers* van Nijhoff[1]. In die eerste druk van *Nieuwe Gedichten* (Amsterdam 1934) staan hierdie gedig as volg afgedruk:

- O eene boom in den achtertuin,
hoe kaal en leelijk is uw kruin,
ik vraag mij af of gij nog leeft,
zoo weinig schaduw als gij geeft.

1 Vergelyk W. Gs Hellinga, *Perspectief der Varianten*, in *Martinus Nijhoff*, Den Haag-Amsterdam, 1954, bls. 48 vlgg., waar dit uitvoeriger behandel is. - In die kopie vir daardie artikel was aan die onderskrif toegevoeg: ‘In gesprek met Merwe Scholtz’. Die uitgewer het hierdie onkonvensionele variant van die verantwoording van die outeurskap om onbekende redes nie aanvaar nie.

- O eenzaam schrijvertje in het raam,
uw kinderen zijn heengegaan,
ik vraag mij af, als gij zoo schrijft,
of dat is wat u overblijft.

- - Hoor, hoor! De nachtegaal hervat
zijn lied in 't hartje van de stad.
Men heeft er woningen gebouwd
van nieuwen steen en blinkend hout.

Die streep waarmee die eerste versreël van die eerste strofe begin, is eers sinvol sodra die tweede strofe, wat met dieselfde tipografiese teken begin, so ver gevorder is dat die konteks te kenne gee dat daar 'n wending na 'n ander aangesprokene voltrek word. Of dit een en dieselfde stem is wat in die eerste en tweede strofe aan die woord is, dit word pas beslis ná die dubbele aanvangstreep van die derde strofe. Deur hierdie dubbele streep word die eerste en tweede strofe, wat hulle deur die verskillende aangesprokenes van mekaar onderskei, saam gegroepeer teenoor die derde strofe: die gepraat in die eerste twee strofes word hierdeur naamlik eksplisiet geskei van die gepraat in die derde strofe. Daardeur is dit nou uitgeslote dat dit dieselfde stem is wat in al drie die strofes praat. Dit dwing tot die gevolgtrekking dat daar in 1 en 2 'n dialoog aangebied word tussen die skrywertjie en die boom, naamlik 'n gesprek oor die sterflikheid. In die derde strofe gryp 'n derde stem daaroorheen na die tema van die hernuwing van die seisoene en die selfbestendiging van die mens. Dit is naamlik die stem van die gedig, of as mens wil: van die digter as poëtieke persoonlikheid.

Hoe die beslissing oor die *organisasie* vanuit die derde strofe geskied, hoe daar nie slegs 'n nuwe wending aan die reeds gegewene kom nie maar hoe die mededeling in sy geheel daardeur gereïnterpreteer en definitief bepaal word, blyk nogeens duidelik wanneer 'n mens die variante van die

tweede druk byhaal. Die gedig sien daar in die tweede druk (Amsterdam 1937) as volg uit:

- O oude boom in de achtertuin,
hoe kaal en lelijk is je kruin,
ik vraag mij af of jij nog leeft,
zo weinig schaduw als je geeft.

- O eenzaam schrijvertje in het raam,
je kinderen zijn heengegaan,
ik vraag mij af, als jij zo schrijft,
of dat is wat je overblijft.

- Hoor toch! De nachtegaal hervat
zijn lied in 't hartje van de stad.
- Men heeft er woningen gebouwd
van nieuwe steen en blinkend hout.

Ons wil slegs een variant, 'n uiters veelseggende variant bespreek: die variasie van strepe in die derde strofe. Die hele gedig word gereorganiseer wanneer die verdubbeling van die streep aan die begin van die derde strofe opgehef word. Of eintlik moet ons dit anders sê aangesien die stilistiek nie vergelykend te werk gaan nie. In die sig-vormende vorm van die sogenaamde tweede redaksie word in die derde strofe, deur die herhaling van die enkele streep aan die begin daarvan, beslis dat daar geen sprake is van 'n verdeling of teenstelling van stemming nie. Daar is net een stem, dié van die gedig of digter (in poëtieke opsig).

Ten slotte: die prinsipe van die sig-vormende vorm het niks te make met die wyse waarop die taal aan die ontvangende taalgebruiker gegee word nie. 'n Dergelike opvatting kan aanleiding gee tot skynprobleme wat op psigologiese of pseudo-taalwetenskaplike terrein lê. Laasgenoemde terrein word byvoorbeeld betree wanneer iemand die sig-vormende vorm sien as 'n soort woord-puzzle. Ons illustreer dit met 'n gekonstrueerde geval:

Indien gegewe is:

De voor....

dan sou die sig-vormende vorm onder meer verder kon gaan as

....is diep gesneden door de kouter

of ook as

....het huis geplante boom begint aardig te groeien.

In die eerste geval is die taalvorm *voor* dus 'n substantief, in die tweede geval 'n voorsetsel. 'n Mens sou nou kon redeneer dat die vorm *voor* kategoriaal nie bepaald is wanneer hy gegee word nie, dat dit eers gebeur deur die verdere verloop van die sig-vormende vorm. Hierdeur is egter 'n skynprobleem gestel. Daar word naamlik op die wyse van die taal geen vorm, i.c. klankvorme gegee nie, maar taalvorme wat as sodanig kategoriaal bepaal is. *Alleen wat hierdie taalvorme*, *normaal of anormaal*, *in die konteks doen*, *word beslis in die sig-vormende vorm*.

6.

En nou eindelik en hierdie keer werklik die gedig van Leopold wat, ten spyte van die vrome voornemens waarmee die eerste hoofstuk uitgelui is, tog maar weer diensbaar gemaak is aan die uiteensetting van prinsipes.

Ons beskou die sig-vormende vorm gegee tot aan die einde van die eerste versreël. Daarmee is dan, op die wyse van die poësie, 'n eenheid gegee. Immers: waar die einde van die prosareël suiwer 'n aangeleentheid vir die setter is, daar is die einde van die versreël deur die digter bepaal. En daarmee word die tipografiese ‘wit’. 'n funksionele gegewe met eenheidskonstituerende vermoë.

Die presiese aard van hierdie eenheid sal uiteraard eers vasgestel kan word wanneer die besondere omstandighede in ag geneem word. Of daar byvoorbeeld, op grond van sintakties-strukturele aanwysings, geënjambeer moet word al dan nie; en, indien daar wel geënjambeer word, die funksie van die tipografiese wit-sonder-meer, d.w.s. sonder die steun van die konvensionele interpunksietekens. Ons sal

hierdie probleme in die volgende paragrawe uitvoerig ter sprake bring.

Om mijn oud woonhuis peppels staan

Ons kan die moment van taalgebruik wat in hierdie eerste vers gegee word, beskou as 'n *sin*. Hierdie term word dan uitsluitlik gebruik vir 'n taalgebruikseenheid wat, òf in sigself, òf op grond van die sogenaamde konteks-sintaksis, gekenmerk word deur die komplementêr-verbonde grammatikale kategorieë *Subjek* en *Verbum finitum*. Byvoorbeeld: A - 'Ik vlieg morgenochtend vroeg naar Kaapstad'; B - 'Ik/*Vf*/ook!'[1] Op die niveau van die geskrewe kultuurtaal is die selfstandig of kontekstueel gegewe sin die grondvorm van 'n taalgebruikseenheid wat in strukturele opsig in sigself voltooi is. As bykomstige voorwaarde geld egter nog bowendien dat daar geen semantiese of sintaktiese komplementêre verbindings in mag voorkom wat nie selfstandig of kontekstueel volledig gegee is nie, byvoorbeeld: a) volledig: 'Ik heb dat vernomen'; b) onvolledig: 'Ik heb vernomen'[2]

Om mijn oud woonhuis peppels staan

is gevolglik in strukturele opsig voltooi. Maar hierdie voltooide moment van taalgebruik is anormaal in sy voltooidheid. Die sintaktiese vorm van hierdie sogenaamde mededelende hoofsin is immers in konflik met die konvensioneel bepaalde struktuurmodel vir die kultuurskryftaal, naamlik: A. Vf. S. Die gegewe taalvorm is dus mede-versaaklik en stel daarom ook die vraag of die anormale inversie kontekstueel (d.w.s. feitelik) geïntegreer is.

1 Vgl. W. Gs Hellinga-J. du P. Scholtz, *Structuurvergelijking tussen Nederlands en Afrikaans* in: *Taal en Tongval* 6 (1954), (Blancquaertnummer) 102.

2 'n Taalgebruikseenheid wat in strukturele opsig as onvolledig gegee word, is dus wesenlik iets anders as 'n anormaal gegewe eenheid. Laasgenoemde sluit immers geensins uit dat die gegewene (op grond van die pas geformuleerde definisie) in strukturele opsig volledig is nie. Eersgenoemde sluit daarenteen weer geensins uit dat die onvolledig gegewene as sodanig beantwoord aan die konvensionele vorme nie.

Ten gevolge van die konflik met 'n konvensioneel bepaalde struktuurmodel word die vorm-moment *peppels staan* medeversaaklik. *Peppels staan* funksioneer nie slegs in die anormale struktuurmodel A.S. Vf.[1] nie, maar bowendien ook as eenheid wat as S. Vf. onderken kan word - dus in 'n model wat sintakties normaal is. Nou het *staan*, in die konvensionele model ‘om mijn oud woonhuis *staan peppels*’ vrywel die waarde van koppelwerkwoord, soos die verbum finitum dit ook het in gevalle soos: ‘in de tuin groeit veel onkruid’, ‘op het strand liggen prachtige schelpen’. In die anormale model word die eiewaarde van die verbum *staan* egter geaktiveer en daarmee word die copula in feite 'n ‘selfstandige’ werkwoord. Die feitsaak wat nou aangebied word, is nie bloot dat daar peppels is nie. Daarmee sou 'n mededeling gedoen word wat sy sinvolheid uitsluitlik ontleen aan die woordveld ‘boom’, sodat die peppel-feit dan gegee sou word naas nie-*beuk*, nie-*eik*, nie-*wilg* ens. In ons model word, deur die mede-versaakliking van die taalvorm, twee feitsake as gelykwaardig aangebied: enersyds word daar gegee die *peppels*, andersyds word gegee *die* ‘*er zijn*’ *van die subjek*, sy eksistensie as sodanig. In plaas daarvan dat daar 'n kleurvolle, pittoreske gegewe aan ‘mijn oud woonhuis’ toegevoeg word, bied die mede-versaaklikte taalvorm die ongewone feitlikheid aan dat ‘om mijn oud woonhuis’, maar dan onbetrokke op huis en omgewing, *peppels verrys as wesens wat op hulle eie manier eksisteer in die tyd*. Ons sal moet nagaan watter antwoord die konteks verstrek op die aanwesigheid van hierdie eien-aardige peppels. Alvorens ons egter hierdie antwoord probeer verstrek, sal ons eers moet ingaan op die vraag in hoeverre daar na die gegewe versreël-einde sprake is van 'n enjambement. Die aard van die gegewe eenheid sal in hoë mate daarvan afhang.

1 A is die *ander* sinsdele wat naas S (Subjek) en Vf. (die persoonsvorm van die werkwoord) gegee kan word. Hier is A 'n aanloop wat inversie tot gevolg het. Ons volg dus die noteringswyse van Overdiep.

In die poësie het ons, soos ons reeds in die eerste hoofstuk uiteengesit het, met 'n heel besondere taalgebruiksgeval te doen. Die vorm (of konteks) ontstaan nie alleen volgens die prinsipe van die *sig-vormende vorm* nie; die gedig is by voorbaat as 'n reeds te kenne gegewe *gevormde vorm* aanwesig. Hierdie dubbele aspek van die gedig berus op die versvorm-konstituerende momente, op die (in linguistiese opsig) *leë vorm* soos dit as keuse-beperkende prinsipe onder meer in die metriese substraat en rympatroon gegee word[1]. Omdat versreël en strofe vormeenhede is wat aan die taalaanbod as 't ware 'voorafgaan', omdat 'n mens 'n rymwoord byvoorbeeld (en by wyse van spreke) nie in die rede kan val voordat die laaste klankeggo opgeroep is nie, daarom word die taalaanbod in die poësie nie enkel geken onder die aspek van die sig-vormende vorm nie, maar ook as gevormde vorm. Sodat ons hier met Eliot kan sê: 'in my end is my beginning'.

Vir die analise, vir die kreatiewe peiling van die struktuur en die feitelike konstellasie, het hierdie dubbele aspek vèrstrekkende konsekwensies. Ons volg die sig-vormende vorm nou verby die eerste vers, nie om die konteks te leer ken nie, maar om *binne die reeds gegewe konteks* die waarde van die taalvorm 'peppels staan' vas te stel. En voor ons die einde van die eerste vers kan verbysteek, moet ons noodsaaklikerwyse nagaan wat hierdie versreël-einde as eenheidskonstituerende moment presies impliseer.

Ons het reeds gesê dat daar, met die einde van die eerste vers, op die wyse van die poësie 'n eenheid gegee word. Die einde van 'n versreël het naamlik, of daar geënjambeer word of nie, 'n markeringsfunksie. Die funksie van die versreëleinde is dus een van die funksies van die interpunksie, en ons sal hierdie funksie enkel ken vasstel as ons hierdie poëtiese interpunksievorm sy funksionele plek in die interpunksie-sisteem van die hedendaagse Nederlands gee.

'n *Punt* (en wat ons in die volgende paragrawe van die punt sê, geld ook van die *vraagteken* en die *uitroepteken*)

1 Vergelyk hierbo bls. 20 vlg.

markeer in ‘het Nederlands van nu’ die absolute einde van 'n taalgebruiksmoment. Dit sluit natuurlik glad nie uit dat hierdie absolute einde ook op 'n ander wyse gemarkeer kan word nie. Die vraag is egter of daar, binne een en dieselfde konteks, naas die punt ook ander middels gebruik kan word om die absolute einde van 'n taalgebruiksmoment te markeer, byvoorbeeld die *wit* wat volg op die versreël-einde.

'n *Komma* verbind in onderskeiding. Anders gestel: dit stel onderskeiding in verband. Maar die sisteem is hier hibridies. Dit berus deels op logies-sinktaktiese oorwegings, deels op ritmiese oorwegings. *En bowendien word hierdie sisteem nie eers konsekwent toegepas nie*. Gevolglik kan 'n komma ontbreek waar hy in feite wel kan staan. Dit beteken dan dat 'n struktuurgegewe in 'n dergelike geval nie gemarkeer word nie.

Die interpunksie-sisteem bestaan dan uit: 1 'n punt vir 'n absolute einde; 2 (a) 'n komma vir onderskeiding in verband; 2 (b) geen komma en dus in gegewe gevalle ook *wit* waar daar in strukturele sin sprake moet of kan wees van onderskeiding in verband.

Dat die bostaande vir die huidige geskrewe kultuurtaal geld, wil nog nie sê dat dit noodsaaklikerwyse ook vir die geskrewe taalgebruik van J.H. Leopold geld nie. Net soos ons die interpunksie van 'n bepaalde gebruiksgeval eers moet beskou binne die sisteem wat binne die betrokke taalkultuur geldig is, so moet ons ook die interpunksie van ‘Om mijn oud woonhuis peppels staan’ probeer onderken binne die sisteem van Leopold. Dit kan ons doen deur die interpunksie van hierdie gedig te vergelyk met die interpunksie-vorme en -funksies in *Verzen I*[1].

In Leopold se interpunksie-sisteem markeer die kombinasie *hoofletter .... punt tussen twee reëls wit* (of wel deur 'n reël wit afgesonder van 'n voorafgaande of van 'n volgende strofe

1 Die ondersoek na Leopold se interpunksie in verrig in samewerking met mev. F. Balk-Smit Duyzentkunst, assistente vir Nederlandse Taalkunde aan die Universiteit van Amsterdam.

of afdeling) die maksimale kontekstuele eenheid. Hierdie markering kan dan saamval met 'n taalgebruiksgeval as sodanig (byvoorbeeld die gedig ‘Wiegelend hoofd, zoet vrouwenhoofd’ waar die einde van die gedig saamval met die eerste punt); òf dit kan die maksimaal onderskeie eenheid binne 'n bepaalde konteks wees: dergelike eenhede wat deur 'n reël wit onderskei word, kom byvoorbeeld voor in ‘De bedgordijnen hangen zoo ijl // en angstig af’, (eerste stuk van *Verzen 1895*) wat eindig met die versreël

te wezen in de nieuwe tijden.

Binne hierdie maksimale kontekstuele eenheid, wat altyd begin met 'n hoofletter, kan ons dan nog bowendien tenminste vier sub-eenhede onderskei aangegee deur respektiewelik:

a) *Punt*, *gevolg deur 'n nuwe alinea sonder 'n reël wit*, byvoorbeeld:

waardoor op eens het dwingend groote
verschijnt.
En deze is gebogen

b) *Punt*, *gevolg deur 'n hoofletter*, byvoorbeeld:

gegeven, *ons*, *van wie geweken*
elk verder wenschen. O gij mijn gedweeë
lief, *veilig mij gegeven bruid*,

c) *Kommapunt*, byvoorbeeld:

een dolende, *waar paden wijken*
achter de heuvels en een verschiet
een wijdverloren; men vindt het niet.

d) *Komma*, byvoorbeeld (die komma tussen *brengen* en *ach)*:

In een wachten gij, *douloureus*
en ik kan niet brengen, *ach hoe zouden*
mijn reikende begeerensarmen
/ .... raken // mogen....

Die *komma* is dus in hierdie sisteem die swakste onderskeiding in die kontekstuele verband. Anders gestel: kontekstuele eenhede, wat in sintakties-strukturele opsig selfstandig is, kan deur 'n komma intensief op mekaar betrek word.

Hierdie komma onderskei en verbind egter nie alleen sintaksies-gevormde kontekstuele eenhede nie, hulle help die sintaktiese eenhede self ook vorm. Naas die ‘kontekstuele komma’ is daar dus ook 'n ‘sintaktiese komma’. Die struktuur self beslis telkens waar die komma 'n sintaktiese en waar hy 'n kontekstuele funksie het.

Ná hierdie verkenning van die funksionele verhouding tussen Leopold se leestekens, kan ons nou ten slotte probeer vasstel watter funksie die wit-sonder-meer in Leopold se poësie verrig. Ons het gesien dat die komma, binne die kader van 'n sisteem waar die punt as eindmarkering funksioneer, tegelyk onderskei en verbind; dat die onderskeidingsfunksie van die komma binne die leestekensisteem van Leopold minimaal, sy komplementêre verbindingsfunksie maksimaal is. Deur die aanwesigheid van die wit-sonder-meer binne hierdie sisteem word die hele waardestelsel van die interpunksie egter lig maar veelseggend gewysig. In 'n sisteem waar sowel komma as wit-sonder-meer as markeringstekens dien, neem die onderskeidingsfunksie van die komma toe in funksionaliteit, is hierdie onderskeidingsfunksie m.a.w. sterker as binne 'n sisteem waar die komma die swakste onderskeidingsmiddel is. Deur die opposisie van komma teenoor wit-sonder-meer kry ons dus by Leopold die volgende funksionele belasting van die betrokke tekens: *die komma op die verseinde* (dus die komma-plus-wit) het altyd eksplisiet die funksie van onderskeiding; *die wit op die verseinde* (dus die kommasonder-meer) verbind altyd: soms verbind dit sintaktiese eenhede wat binne die sin onderskei word, soms die momente van dieselfde taalgebruikseenheid. Twee voorbeelde kan die gebruik van wit-sonder-meer en komma-plus-wit aandui

- albei voorbeelde word weereens geneem uit *Verzen 1895*:

> *en ligt een meisje in doodsverschijnen*
> *een kind in zijne onnoozelheid*
> *en al het menschelijk afpijnen*
> *is armer dan ....*
>
> *waren wij niet een samen schreiend,*
> *stamelend, verwonderd menschenpaar?*

In 'n dergelike interpunksie-sisteem kan die versreëleinde, wat nie deur leestekens maar enkel deur wit-sonder-meer gemarkeer word, nie die absolute einde van 'n taalgebruikseenheid beteken nie. In 'n dergelike geval móét daar geënjambeer word. Dit beteken egter geensins dat die eenheid, wat deur die wit èn deur die sintakties-strukturele voltooidheid van die betrokke taalgebruiksmoment gegee word, daardeur opgehef en funksieloos word nie. Dit beteken enkel dat hierdie eenheid nou 'n sub-eenheid word binne 'n groter eenheid, dat hy in verband onderskei word en dat hy daarom uitsluitlik beoordeel moet word binne die kader van die totale eenheid waartoe hy behoort. Eers daarna, na hierdie onderlinge gesprek van eenheid en subeenheid gekontroleer is, kan nagegaan word wat die subeenheid in die totale konteks doen. Wanneer iemand dus vra wat die verhouding tussen die feitelike aanbod van verse 1 en 2 is, dan het hy 'n skynvraag gestel: die eenheid waarbinne hierdie eerste vers, op grond van die noodsaaklike enjambement, mede beoordeel moet word, is die volsin wat eindig met *blaren* (voor die komma) in vers 4. Maar voor ons sover is, moet eers nog vasgestel word wat daar in die tweede vers gesê word. Want ook hier is daar 'n sub-eenheid, word daar m.a.w. weer onderskei-in-verband.

In grammatikaal-sintaktiese opset is hierdie tweede vers

> '*mijn lief, mijn lief, o waar gebleven*'

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

nie anormaal nie maar veel eerder amorf. Die struktuur is verwant aan ‘Egidius, waar bestu bleven’ en aan die tipe: ‘Mijn kind, mijn kind, wie had dat ooit gedacht’. Nòg op grond van die vorm nòg vanuit die konteks kan egter vasgestel word wie as sogenaamde inwendige subjek van *gebleven* in die uitroep *o waar gebleven* beskou moet word. *Mijn lief*? Of die *Ek* wat in die eerste vers deur die besitlike voornaamwoord *mijn* te kenne gegee word? Hierdie onsekerheid oor die feitelike aanbod van die versreël word nog verhewig deur die afwesigheid van leestekens: die uitroep of versugting begin nie met 'n hoofletter nie, die vraende *waar* word nie deur 'n vraagteken of uitroepteken gevolg nie. Ons moet onvermydelik tot die gevolgtrekking kom dat hierdie vaagheid presies die wesenlike van die aanbod is. Dit is 'n wanhoopsgemompel wat dwaal tussen die geïmpliseerde ‘ik’ en sy ‘lief’ en wat, deur die herhaling in elke strofe, die hele gedig deurtrek. Dit word nie enkel as versreël in die verband van die strofe onderskei nie. Deur die struktuur, wat in linguistiese opsig totaal afwyk van die ander taalgebruiksmomente, is hierdie vers as hardnekkige eenloper, as eenheid in die hele gedig onderskei. En dan word hierdie eenheid van die mompelwoorde bowendien ook nog eksplisiet gegee deur die aanhalingstekens waartussen hulle afgehok word.

En nou die vraag, 'n uiters lastige vraag: in watter verband staan hierdie vers nou, binne die eerste strofe, tot die taalgebruiksgeheel wat hom tussen die allereerste woord en die komma in die vierde vers ontvou?

Dit is natuurlik moontlik dat ons hier met 'n tussensin te doen het. Maar die kenmerk van 'n tussensin is dat dit sowel sintakties-kompositories as kontekstueel 'n breuk is. En dit is hier geensins die geval nie. Inteendeel. Die tweede versreël gee selfs die grondtoon aan van die tema wat die hele gedig deurspeel. Daarom moet die vers inderdaad intensief betrek word op die voorafgaande en volgende verse, soos die interpunksie-sisteem van Leopold dan ook verg. Die reël is as 't ware 'n adverbiale bepaling by *peppels staan*: die

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

peppels staan in hulle eie ‘er-zijn’ in die tyd op 'n onoplosbaar wanhopige wyse. Maar hulle staan daar egter ook nog op 'n ander wyse sodra ons die res van die primêre kontekseenheid tot aan die komma in die ondersoek gaan betrek.

Dit gaan dus nou om die eenheid: *peppels staan*// .... *een smalle laan* // *van natte blaren* (*komma*). Die naaste verklaring vir wat hier struktureel aan die hand is, is dat *staan* hier op anormale wyse transitief gebruik word sodat *een smalle laan* // *van natte blaren* dan as objek gegee word[1].

Dergelike anormale variante het ons byvoorbeeld ook in: ‘(hij) kuste toorn op lippen van Bengalen’, en: ‘(toen) sprongen wij op en stoven lach’ (Herman van den Bergh).

Die peppels is dus in hulle ‘er-zijn’ in die tyd so aanwesig dat hulle *een smalle laan* staan rondom die huis en hierdie ‘staanwyse’ wat tegelykertyd hulle bestaanswyse is, word dan nog nader gespesifiseer deur die toon wat aangebied word in die tweede versreël. En hiermee het ons ook die voorlopige antwoord van die konteks op die eien-aardig aangebode peppel-sake.

Daar is egter nog etlike van die feitsake wat in hierdie eerste kontekstuele eenheid (dus tot aan die komma in vers 4) aangebied word wat sorgvuldig nagegaan moet word. Wat word naamlik aangebied met *oud*, met *woonhuis* en met *laan?*

Die feitsake wat deur *oud* gespesifiseer word, kan verskillende kenmerke hê. Die woord *oud* is naamlik 'n homoniem en kan die volgende aandui: (a) Die feitsaak is, in verhouding tot ander feitsake wat tot dieselfde kategorie behoort, lank in die tyd aanwesig, byvoorbeeld: ‘Elk veulen wordt na twintig jaar een oud paard’; ‘in ons dorp staat een oud kerkje, dat vermoedelijk al in de twaalfde eeuw gebouwd is - zie maar eens wat een oude kloostermoppen er in de muur

1 'n Mens sou die struktuur tot aan die komma miskien ook kan sien as 'n anormale variant van die model *S. Vf. konsekutiewe bepaling*, dus van die tipe: hij lacht dat hij berst.

Om mijn oud woonhuis peppels staan
"*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*"
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
"*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*"
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
"*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*"
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
"*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*"
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

zitten!'[1] (b) *Oud* bied die kenmerke aan wat die gevolg kan wees van die feit dat 'n verskynsel lank in die tyd aanwesig was, naamlik *vervallen*, *versleten*, *vol gebreken*, *wrak* ens. Byvoorbeeld: 'Op zolder bij ons ligt een heleboel oude rommel; het wordt tijd dat de voddeman het komt weghalen'. (c) *Oud* beteken *voormalig*, byvoorbeeld: 'ons oude huis was heel wat mooier dan deze flat; maar dat was dan ook een villa die pas vijf jaar geleden onder architectuur werd gebouwd'.

In ons versreël is die laasgenoemde betekenis uitgeslote. *Oud* met die betekenis *voormalig* hoort tot die gemeensame omgangstaal. Dit is byvoorbeeld onmoontlik om op die niveau van gedissiplineerde (byvoorbeeld offisiële) taalgebruik te praat van 'onze oude koningin' wanneer 'n mens daarmee die voormalige koningin bedoel.

In 'mijn oud woonhuis' kan van *oud* enkel die betekenis (a) - en dit impliseer dan tewens (b) - toegepas wees. Die konteks, spesiaal die derde strofe, bevestig dit dan ook.

Die substantief *woonhuis* is in die eerste vers in 'n ongewone verband gebruik. Dit is veeleer 'n term uit 'n vaktaal, byvoorbeeld die taal van eiendomsagente. Daarin word dit dan geopponeer tot *winkelhuis* ens. So kan 'n mens die verkoop aankondig van 'n 'garage met ruim woonhuis op het erf'. Dit impliseer dan dat die huis 'n selfstandige objek is, in teenstelling tot *woning* wat 'n onderdeel van 'n groter geheel kan wees: 'garage te koop met ruime woning op de eerste verdieping'. En hierdie vry-staan van *woonhuis* word dan nog in die vers bowendien ook te kenne gegee deur die mededeling dat daar peppels om die huis staan[2].

1 'n Variant hierop ontstaan wanneer iemand sê: dat is 'n ouwe vriend van me. Die betrokke vriend hoef dan nie 'n dag ouer as agtien jaar te wees nie. Dat die vriend hier agtien jaar oud en tog 'n 'ouwe vriend' kan wees, kom deur die leksikale betekenis van die woord *vriend*. Hierin lê altyd die verhouding tot iemand anders opgesluit. Dus ook hier: lank in die tyd aanwesig in verhouding tot ander feitsake van dieselfde kategorie, naamlik *vrienden*.

2 'n Mens kan weliswaar ook *om* 'n kaggel sit wat teen die muur staan, maar as 'n huis nie vry staan nie dan praat 'n mens van die bome daarvoor of daaragter.

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

In *woonhuis* word derhalwe veral die moment van *het wonen* aangebied: die vierde strofe bevestig dit eksplisiet. As ons nou beweer dat die moment van *het wonen* in *woonhuis* geaktiveer word, dan bedoel ons geensins daarmee dat die digter weer die woord se etimologiese verlede getref het nie[1]. Al wat hier gebeur, is dat die digter die woord, deur hom te gebruik in 'n ongewone omgewing, ‘splyt’ sodat die samestellende dele weer semanties geaktiveer word. Die wese van die feitsaak *wonen* word hierdeur onttrek aan die gewenning wat ontstaan in die alledaagse taalgebruik.

Om hierdie huis, waarin daar gewoon word, wat iemand gemaak het tot sy vesting en waarin hy hom beveilig het teen wat ‘daarbuite’ is, staan dus die peppels. Maar hierdie peppels is nie op hierdie huis betrokke nie en hulle staan op 'n ontstellende wyse - hulle staan 'n dun muur. Want daar is geen enkele rede om aan te neem dat *laan* hier ‘pad’ of ‘weg’ met bome daarlangs sou aandui nie. Daar is niks in die konteks wat daarop wys nie en 'n dergelike saak sou in hierdie konteks dan ook hoegenaamd nie ter sake wees nie. Wel funksioneel sou daarenteen wees die toegepaste betekenis ‘bomenrij’ sonder meer[2]. Dit blyk wanneer ons nou ten slotte nagaan wat daar in die eerste strofe gesê word.

Nogmaals: die peppels staan daar op 'n eien-aardige wyse om die huis: hulle is op hierdie huis nie betrokke nie, hulle omring hierdie huis as wesens wat self-standig in die tyd bestaan. Intussen staan hulle wel 'n muur om die huis, sodat hulle die huis sodoende kan beskut en dit kan omring met die

1 *Wonen* gaan in etimologiese opsig terug op 'n woordveld waarvan ‘zich verheugen’, ‘zich behaaglijk voelen’ kerne is. Dit is ongetwyfeld waar dat 'n digter op anormale wyse moontlikhede kan aktiveer *wat in die woordvorm gegee is*, en dit kan ook gebeur dat hy tot ‘reïnterpretasie’ kom wat saamval met die resultate van die wetenskaplike etimologie. Dit gee die ondersoeker egter nog nie die reg om te gaan fantaseer oor die geheimsinnige verband tussen taalverlede en digterskap nie.

2 *Woordenboek der Nederl. Taal*, VIII-i, 852.

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

veilige intimiteit wat 'n afgeslote erf bied. Maar juis die besondere kwalifikasies van hierdie beskermende muur open die drama, die handeling wat hom in die gedig sal voltrek. Die laan is smal en is aangetas deur die weer en wind van 'n laat seisoen: *het vallen komt* word onmiddellik, deur die komma in Leopold se interpunksie-sisteem, op die *smalle laan* // *van natte blaren* betrek. Hierdie *vallen* tas die dun skutsel aan waarbinne die Ek wat daar *woon*, hom teruggetrek het van wat-daarbuite-is. *Het vallen* is egter *nie alleen in betrekking tot die* '*smalle laan* // *van natte blaren*' gegee nie. Dit is *het vallen*. Die bepaalde lidwoord gee *het vallen* ook as sodanig. 'Wir alle fallen. Diese Hand da fällt. Und sieh dir andre an: es ist in allen' (Rilke). En dit is hierdie *vallen*, hierdie onvermydelike noodlot wat uit die Niks nader, waardeur die wêreld van hierdie gedig deurgaans beheers word.

Uit die Niks. *De ces espaces infinis* (Pascal). Teen hierdie Niks staan die peppels, hulle roep dit op deur daar uitsluitlik en alleen te wees in hulle 'er-zijn' in die tyd - omhoogreikend na 'n oneindigheid, 'n onpeilbaar leegte wat nou, nou dat *het vallen komt*, nie meer af te weer is nie.

In die tweede strofe is hierdie yl beskutting om die huis reeds deurbreek. Die eindelose reën, in die toon van die reddelose verlorenheid van die tweede versreël, skep in sy monotonie 'n stilte wat nie meer in 'n besef van weemoed en verlatenheid deur die menslike sentiment beheers kan word nie. Immers: *den treuren uit*.

Den treuren uit word gegee in konflik met *uit den treuren* wat beteken 'tot vervelens toe'. Dat hierdie konflik gegee word, blyk enkel al uit die handhawing van *den* in die anormale model: anders moes hier *het* gestaan het. Deur die 'inversie' kry ons nou 'n nuwe feitelike aanbod: *uit* tree uit die betekenisverdowende omarming van die cliché en bied nou as *woord* sy feitsaak aan, naamlik die ontstellende feit dat die menslike getreur agtergelaat word in hierdie onmenslike leegte, in *le silence éternel de ces espaces infinis*.

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*smijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

En nou, waar die stem van die reën nie langer *uit den treure* ruis nie maar tot die ont-menselikte stilte *den treuren uit* verklink het, nou is dit nog enkel die ou woonhuis wat die Ek daarbinne geskeie hou van die ontstellende leegte rondom hom. Want binne die kontekstuele eenheid van hierdie tweede strofe, sintakties-struktureel onderskei maar deur die komma met die voorafgaande verbonde, bevestig *de wind verstomt* die absolute stilte deur die absolute leegte daarbuite aan te gee.

In die derde strofe word nou ook die huis aangetas, val ook die laaste beskerming weg: die beveiliging wat *het wonen* aan die mens bied. Die leegte is nou in die huis self. Die huis is daar nog as huis, maar die huis is nou *hol*. En 'n huis wat *hol* is, laat hom wat daarbinne is, alleen. So 'n huis is 'n afsydige, vreemde, volstrek-saaklike gegewe. Bowendien is daar nou duisternis in die huis: die ondeurgrondelike, die vyandige waarin die gevaar nou ongesien naderby kan kom. En die gevaar kom. Want 'n onbepaalde, ondefinieerbare, anonieme *gefluister is boven op zolder*: *het dakgebint* gee op sy beurt pad as beskutting teen die oneindige Niks daarbuite.

Die struktuur van die strofe, spesiaal dié van die primêre kontekstuele eenheid tot by die komma in die vierde vers, word beheers deur die twee verba finita èn deur die interpunksie-sisteem van Leopold. In strukturele opsig is daar twee mededelende hoofsinne: die eerste versreël èn wat dan daarop tot aan die komma volg. In die tweede hoofsin is die tweede vers 'n spesifikasie van *gefluister* (die ‘inhoud’ daarvan, sodat dit onoplosbare wanhoopsgefluister is). Maar deur die funksie van die wit van die versreëleinde is die eerste vers weereens intensief verbonde aan wat daarop volg, en dus deurtrek die holheid en die duisternis, met alles wat daardeur geïmpliseer word, die gefluister.

Hierdie anormale sinsverbinding doen hom ook in die laaste strofe voor. Kontekstueel sou 'n mens hier kan interpreteer: ‘Er woont daar iemand die voorovergebogen zit met lege ogen en die....’ Maar dan word die tweede vers on-

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

herroeplik tussensin. Daarom is die subjek hier òf ‘één voorovergebogen mijn lief, mijn lief....’, òf *één* in die sin van 'n individu wat nie nader aangedui word nie. In die eerste geval word die enjambement van 1 op 2 egter volkome dominant, en dit is in stryd met die feit dat die eerste versreël mede as eenheid gegee word. Daarom is alleen die tweede interpretasie moontlik. Dit impliseer dan dat *wonen* resultatief is: die één ongenoemde woon in daardie ontredderde huis op so'n wyse dat hy, ‘voorovergebogen’, alleen die wanhoopsgefluister kan mompel wat deur die tweede vers gesê word. En dit word sowel deur die konteks van die vierde strofe as deur die hele gedig bevestig.

‘*Er* woont er *een*....’ Die ‘*ek*’ en die *huis* word as onbepaald gegee. 'n Dubbele desintegrasieproses het hom in die gedig voltrek.

Die proses waarby die ‘*ek*’ reddeloos in sy volslae en wanhopige alleenwees gestort word, is 'n desintegrasieproses wat hom reeds vanaf die eerste strofe in die amorfe tweede versreël aangekondig het. In die allereerste vers word, soos reeds opgemerk is, die ‘*ek*’ gegee deur die besitlike voornaamwoord *mijn*. Die ‘ek’ word in die tweede en derde strofe nie genoem nie, maar hy is daar tog implisiet in aanwesig omdat die situasie, soos dit deur die teks gekonstitueer word, dieselfde bly terwyl die ‘ek’ nie eksplisiet vervang of verwyder is nie. In die laaste strofe word die dramatis persona nou as onbepaald gegee. Ook nou gee die konteks ons geen rede om 'n persoonswisseling aan te neem nie, maar dit beteken dan dat die ‘ek’ in sy uiterste ontreddering *gedepersonaliseer* is.

Hierdie desintegrasieproses van die ‘ek’ verloop parallel met dié van die *huis*. In strofe I is dit *mijn oud woonhuis*, in II nie genoem nie, in III *het huis*, in IV *er*.

In die vierde strofe word dus èn die ruimte èn die persoon onbepaald gelaat sodat daar die hoogste graad van onbepaaldheid gegee word. Wanneer ons naamlik sê: ‘één van de candidaten zal worden benoemd’, dan bly alleen die

Om mijn oud woonhuis peppels staan
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
een smalle laan
van natte blaren, *het vallen komt*.

Het regent, *regent eender te hooren*
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
en altijd door en
den treuren uit, *de wind verstomt*.

Het huis is hol en vol duisternis
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
gefluister is
boven op zolder, *het dakgebint*.

Er woont er een voorovergebogen
‘*mijn lief*, *mijn lief*, *o waar gebleven*’
met leege oogen
en die zijn vrede en rust niet vindt.

vraag oor: wie? Maar as daar, met 'n gebaar in 'n bepaalde rigting, gesê word: ‘Er woont er één die benoemd zal worden’, dan roep dit nie alleen die vraag op *wie* daar woon nie; deur die globale aanduiding in die ruimte suggereer dit ook nog die vraag: waar presies? Dit moes dan ook hierdie stadium bereik: die huis is, saam met die ‘*ek*’, stelselmatig aangetas en afgetakel totdat die huis in die derde strofe eksplisiet as falende beskerming gegee word.

In die laaste strofe bereik *het vallen* dus ook die mens, die ‘ek’ van die gedig. Hy is nie langer beveilig nie en buig hom nou ook onder die ontstellende, onmiddellike aanwesigheid van die Leegte, die Niks. Maar ook hierdie wanhoopsgebaar, hierdie laaste poging tot selfbeveiliging, is vrugteloos. Want die Leegte het ook in sy oë oopgevlak en die Angs het onontwykbaar van hom besit geneem. *Le silence éternel de ces espaces infinis m'effraie*.

Hoofstuk III
Stilistiek en literatuurwetenskap

1.

Die stilistiek op linguistiese grondslag ondersoek taalwaardes binne 'n bepaalde geval van taalgebruik in hulle betrokkenheid op dié bepaalde geval. Hierdie benaderingswyse is dus nie, soos die meeste ander stilistiese dissiplines, spesiaal gerig op dié gevalle van taalgebruik wat as *literatuur* bekend staan nie. Dit is vir die stilistiek op linguistiese grondslag in prinsipe toevallig of hy dit met 'n winkelpraatjie (‘koopvars’), 'n koerantberig (‘Chester Wilmot’), 'n grap (‘gravy’) of 'n gedig soos ‘Om mijn oud woonhuis peppels staan’ te doen het: àlle gevalle van taalgebruik kan objek word van 'n stilistiese analise op linguistiese grondslag.

In die praktyk sal die keuse van 'n objek uiteraard in hoë mate bepaal word deur die persoonlike voorkeur van die stilistikus. Spitzer het daar 'n nogal ‘hartstogtelike’ formulering voor: die stilistikus sal alleen analiseer wat hy liefhet. En dan is dit taamlik waarskynlik dat die gebruiksgevalle wat as *literatuur* bekend staan, baie dikwels as objek gekies sal word.

Deur hierdie voorkeur loop die linguis-stilistikus egter gevaar om hom 'n dubbele aanval op die hals te haal. Hy moet hom naamlik dikwels verdedig teen die persoon wat dieselfde dissipline handhaaf: sy mede-linguis. En andersyds moet hy hom verweer teen die persoon wat dieselfde objek hanteer: die literatuurkundige. Ons wil hier net twee van die moontlike besware ophaal, twee besware wat op dieselfde misverstand berus: dat die taalkunde die ene grammatika is.

Die linguis-*grammatikus* probeer, soos ons reeds uiteengesit het, nagaan wat die simboliese vorme kàn doen. Hy soek m.a.w. na die sistematiek *agter* (of *vóór*) die taalgebruik. In hierdie soektog gaan hy die buiten-gewone meestal nougeset

uit die weg. En tereg! Die norm is die suiwerste aanwesig daar waar hy die gereeldste verdwyn: in die gesproke omgangstaal. En as die linguis-grammatikus nou nie volkome op die hoogte is van die taak van die stilistikus nie, dan sal hy maklik die stilistikus sy voorkeur vir die buiten-gewone ‘literatuurtaal’ verwyt.

Die stilistikus sal natuurlik die beswaar eers anders formuleer voordat hy daarop probeer antwoord. Hy stel nie belang in taal of 'n taalsoort nie, maar in spesifieke gevalle van taalgebruik[1]. Hy mag dus enkel verwyt word dat hy die gebruiksgeval ‘gedig’ of ‘roman’ analiseer.

Nou is dit egter waar dat baie gedigte gekenmerk word deur hoogs eienaardige taalgebruik wat sterk afwyk van die normale. Dit sou daarom ook uiters gevaarlik wees om die taalsisteem uit hierdie tipe gebruiksgevalle te probeer konstrueer. En die stilistikus is dit hiermee roerend eens. Hy beoog nie die taalsisteem nie. Die norme, die sistematiese prinsipes wat die taalgebruik bepaal, is vir die stilistikus immers nie gegee tensy hierdie norme self *tot gebruik word nie*[2]. Hy is op die gebruiksgeval self gerig, en dit is vir hom daarom in prinsipe volkome om het ewe of hy te make het met 'n gebruiksgeval waar die norm byna deurentyd verdwyn of met 'n geval waar die norm sporadies of gereeld verskyn. Dit spreek daarentegen vanself dat van die linguisstilistikus verwag kan word dat hy op wetenskaplike (of voor-wetenskaplike) wyse kennis dra van wat op 'n gegewe tydstip in 'n gegewe taal konvensioneel-sistematies is.

Die literatuurkundige sal die stilistikus-met-die-literêre-

1 Daar is vir ons, anders as vir sommige Engelse en Amerikaanse literatore, en anders as vir die Russiese formaliste, geen spesiale literatuurtaal nie. Vgl. hierbo 17 vgl. asook onder bls. 79.

2 Vgl. hierbo. bls. 26 vlg. Dit spreek vanself dat gedigte juis hierdeur op voortreflike wyse diensbaar gemaak kan word aan die verheldering van die taalsisteem. Immers: die norm wat *in* die gebruik tree en dus verskyn, is veel makliker waarneembaar as die norm wat verbruik word en in sy vanself-sprekendheid verdwyn. Vir die linguis-*stilistikus* is dergelike sisteemafleidings egter nie ter sake nie.

voorkeur om verskillende redes wantrou. Die belangrikste is wel dat die literator meestal nie ten volle of selfs maar gedeeltelik van die linguis se goeie (d.w.s. literêre) trou oortuig is nie. Hy is naamlik bang dat die linguis die literêre teks sal misbruik vir 'n suiwer taalkundige probleemstelling wat met die betrokke teks niks of weinig uit te staan het nie.

Hierdie vrees het sy oorsprong in die feit dat die literator eintlik maar net een soort taalkundige probleemstelling ken: die grammatiese. En inderdaad. Die linguis-*grammatikus* wat af en toe as taalkundige na 'n literêre teks kyk, gebruik die literatuur hoofsaaklik as aanleiding tot ‘praatjies oor ons taal’. Waarteen origens niks ingebring kan word nie, ewemin as teen die psigoloog wat nou opsluit 'n gedig wil gebruik om 'n bepaalde digter psigologies te diagnoseer.

Ook die stilistikus se probleemstelling is in prinsipe suiwer linguisties: hy gaan beskrywe wat op die wyse van die taal gegee word. Maar dit is hom nie om die taal te doen nie, maar om die spesifieke gebruiksgeval. Hy dien die *teks*, nie die taalsisteem nie. Laasgenoemde is vir hom alleen ter sake indien dit mede-versaaklik word en daardeur deel word van die problematiek van die kontekstuele integrasie.

Die stilistikus dien dus die teks, die literêre teks, deur te beskrywe wat daarin gegee word op die wyse van die taal. Of die literatuurkundige iets aan hierdie beskrywing sal hê, sal eenvoudig afhang van die wetenskaplike opgawe wat hy hom as literatuurkundige gestel het.

2.

‘Criticism’, het T.S. Eliot op 'n keer beweer, ‘must always profess an end in view, which, roughly speaking, appears to be the elucidation of works of art’.

Die oënskynlike eensydigheid van hierdie kritiese program - daar word immers met geen enkele woord eksplisiet van die literêre waardebepaling gerep nie - is die gevolg van 'n instelling wat die afgelope veertig jaar steeds sterker aan albei kante van die Atlantiese Oseaan begin posvat het: 'n grondige respek vir ‘the words on the page’.

In 1911 publiseer J.E. Spingarn in Amerika *The New Criticism* waarin hy aandag vra vir ‘the work and nothing but the work’. Volgens Spingarn praat die impressionistiese kritici eerder oor hulleself as oor die werk wat hulle moet beskou; die historiese kritici raak weer verseil in 'n speurtog na die omgewing, die tydvak, die ras; die psigologiese kritiek het die aandag van die kunswerk na die outeur verlê terwyl die suiwer estetiese kritiek weer maklik tot filosofie verloop het.

In Amerika en Engeland het 'n aantal bekende literatuurkundiges weldra tot die oortuiging gekom dat dit enkel die taal, die *woord* is wat suiwer toegang tot die *werk* verskaf. Daarom die nadruk op ‘close reading’ wat die teks self weer tot sy reg laat kom. Hierdie sorgvuldige kontrole van die woord bly egter nie altyd suiwer deskriptief nie. Daar word ook veralgemeen. 'n Voorbeeld is die oortuiging van sekere geleerdes dat daar 'n spesiale ‘literatuurtaal’ bestaan. Vir I.A. Richards en William Empson word hierdie ‘poetic diction’ gekarakteriseer deur die attribuut ‘ambiguity’, vir Cleanth Brooks is die poësie ‘the language of paradox’[1].

In Rusland is dit die sogenaamde *formaliste* wat rondom die twintigerjare die *werk* met behulp van die *woord* wil benader. Vir 'n Roman Jakobson is die objek van die literatuurwetenskap nie die literatuur in sy totaliteit nie. Hy soek die ‘literaturnost’, die spesifiek-literêre waardeur die literatuur as sodanig gekonstitueer word. Die situs van die spesifiek-literêre moet nie in die psige van die outeur gesoek word nie, dit lê in die werk self. Die werk is naamlik 'n *wêreld*, 'n aparte wêreld. Hierdie ‘apartheid’ bereik die

1 Richards en Empson staan origens ook linguisties nie suiwer nie. Richards het hom besig gehou met die ‘responses’ waartoe ‘ambiguity’ aanleiding gee; volgens Empson is ‘ambiguity’: ‘any verbal nuance, however slight, which gives room for alternative reactions’ (*Seven Types of Ambiguity*, 1947[2], bls. 1). Ons het reeds uiteengesit (vgl. hierbo bls. 39 vlg. asook bls. 77, noot 2) waarom die stilistiek op linguistiese grondslag geen ‘responses’ of ‘reactions’ van die leser in aanmerking neem nie.

literatuur danksy 'n heel besondere ver-talingsproses wat in die literatuur toegepas word. Hoofsaak word dus nou ‘the poet's attitude towards language - for Jakobson the task of locating the *differentia* of imaginative literature became fundamentally a matter of delimiting 'poetic speech' from other modes of discourse’[1]. Die parallelle tussen die Russe en die bogenoemde Amerikaners en Engelse lê voor die hand.

In Frankryk kom die woord-en-werk tot sy reg in die metode van die ‘explication de textes’. Vir die Duitse literatuurwetenskap getuig Emil Staiger: ‘Erst jetzt (d.w.s. die afgelope tien, vyftien jaar) wird erklärt, den Forscher gehe allein das Wort des Dichters an; er habe sich nur um das zu kümmern, was in der Sprache verwirklicht sei... Nur wer interpretiere, ohne nach rechts und nach links und besonders ohne *hinter* die Dichtung zu sehen, lasse ihr volle Gerechtigkeit widerfahren und wahre die Souveränität der deutschen Literaturwissenschaft’[2].

3.

Die wyse waarop ons die literatuurkundige landkaart kon vul met die werk-en-woordaanhangers, is eintlik al genoegsame aanduiding van die bruikbaarheid van 'n stilistiese dissipline wat hom besig hou met die beskrywing van taalwaardes in hulle betrokkenheid op een, enkele gebruiksgeval. En ook waar die literatuurkundige verder moet as die enkele werk, waar hy moet vergelyk en waardeer en klassifiseer, ook daar is die beskrywing van die enkele gebruiksgeval die aangewese uitgangspunt[3]. Ons sal dit met enkele opmerkings probeer aantoon.

1 Vgl. Victor Erlich: *The Russian Formalist Movement*, in *Partisan Review*, Vol. XX, No. 3, bls. 288. Vgl. ook hierbo bls. 17 vlg.

2 *Die Kunst der Interpretation*, 1951, bls. 3. Vgl. verder ook die uitspraak van Wolfgang Kayser (*Das sprachliche Kunstwerk*, 1954[3] bls. 12); ‘Alle theoretische Beschäftiging mit der Dichtung dient zunächst der groszen und schweren Kunst, richtig zu lesen. Nur wer ein Werk richtig lesen kann, [...] wird den weiteren Anforderungen genügen, die mit der Wissenschaft von der Dichtung gestellt werden’.

3 Wellek en Warren (*Theory of Literature*, bls. 139) beweer: ‘The natural and sensible starting point in literary scholarship is the interpretation and analysis of the works of literature themselves. After all, only the works themselves justify all our interest in the life of an author, in his social environment and the whole process of literature’.

Die literatuurwetenskap het hom die spreuk: ‘comparisons are odious’ nog nooit aangetrek nie. *Vergelyking* is die basis van hierdie wetenskap. Dit kan egter nooit in die plek kom van die *beskrywing* nie, moet selfs deur die beskrywing voorafgegaan word. 'n Mens kan pas vergelyk wanneer 'n mens weet wàt vergelyk moet word, wanneer die beskrywing van die betrokke objekte dus agter die rug is. 'n Beskrywing wat op vergelyking gebaseer is, is egter 'n haglike onderneming. 'n Vergelykende beskrywing word haas outomaties 'n verklaring: die een word verklaar met behulp van die ander. 'n Mens kan baie maklik een werk ooplees met behulp van gegewens uit 'n ander werk. 'n Beskrywing van struktuurverhoudings binne 'n bepaalde werk is dit dan egter nie meer nie. Die werk word aangevul van buite, word verklaar.

Die verleidelikheid van die vergelyking neem toe daar waar 'n mens dit met variante van dieselfde gebruiksgeval te doen het. Ons moes byvoorbeeld dubbel op ons hoede wees toe ons die ‘stemme’ in die verskillende variante van Nijhoff se *Twee Nablijvers* wou vasstel[1]. Hoe versigtig beskrywing en vergelyking metodies onderskei moet word, kan met behulp van 'n enkele voorbeeld verduidelik word.

Een van die eerste en volgens die letterkundiges nog steeds een van die heel mooi gedigte in Afrikaans, is Eugène Marais se *Winternag*:

O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.

1 Vergelyk hierbo bls. 49-51.

En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere
soos winkende hande.

O treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van 'n meisie
in haar liefde verlaat.
In elk' grashalm se vou
blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

Die vyfde vers van die gedig

so wyd as die Heer se genade,

is kontekstueel problematies. Teen hierdie vergelyking as sodanig is daar niks in te bring nie. Dit gaan in die Afrikaanse ervaringswerklikheid op: die Heer se genade is wyd en 'n mens sou die uitgestrektheid van 'n vlakte-landskap heel goed daarmee kon suggereer. Maar in hierdie konteks doen die vergelyking vreemd aan. Hoe strook hierdie verwysing na die Heer se genade immers met die troostelose verloop en afloop van die gedig? As ‘troosreël’ kan dit nie genoeg gewig in die skaal lê om die troosteloosheid in ewewig te hou nie en 'n mens moet onvermydelik besluit dat die versreël in hierdie bepaalde geheel 'n dissonant verteenwoordig. Waarmee hoegenaamd nog nie gesê is dat die reël nie geintegreer en dus op een of ander wyse funksioneel kan wees nie. 'n Dissonant kan funksioneel wees. En dit sou vir ons konteks byvoorbeeld die geval wees indien hierdie reël op die wyse van die *ironie* geïntegreer is.

Blote ‘onvanpastheid’ maak natuurlik nog nie 'n uitlating ironies nie. Ook die dubbelsinnigheid van die ironie moet op ondubbelsinnige wyse gekonstitueer word. Daar moet daarom

ook vir ons konteks meer struktuurgegewens aanwesig wees voordat ons kan besluit: ‘er staat niet wat er staat, er staat...’ En aanvullende gegewens ter stawing van die ironiese lesing word dan ook inderdaad verskaf, en wel deur die sintaktiese versaaklikingswyse wat hier toegepas word.

Die voegwoord ‘en’ is, wanneer die sig-vormende vorm tot by ‘kaal’ gegee is, die skakelprosedure waardeur neweskikking in hierdie gebruiksgeval versaaklik word (‘koud... en skraal, blink... en kaal’). As daar nou ná ‘kaal’ 'n komma gegee word, dan word daar vooruitgeprojekteer na 'n bepaling. Dit word bevestig deur die skakelnosie in die volgende vers: ‘so ... as’. Daardeur word in vooruitsig gestel 'n (uiteraard ondergeskikte) vergelykende bepaling by ‘kaal’. En die bepaling sal gegee word ná 'n herhaling van die feitelike aanbod wat met ‘kaal’ gedoen word. En hierdie hervatting van die feitelike aanbod ‘kaal’ kan geskied op een van twee maniere: of deur 'n herhaling van ‘kaal’ (die model: ‘en mooi, so mooi as’); of deur 'n sinoniem van ‘kaal’ (die model: ‘en mooi, so pragtig as’). Die woord wat hier egter wèl staan, is ‘wyd’. Sodat die ‘wyd’-saak hier struktureel as sinoniem met ‘kaal’ aangebied word. Indien die woord ‘wyd’ semanties in staat is tot die sintaktiese verpligtings wat hom opgelê word, dan sou daarmee die genade van die Heer as ironies aangebied word. En dan sou die betrokke reël ook strook met die troostelose afloop van die gedig waarin die genade van die Heer kennelik nie ingegryp het nie[1]. Maar ‘wyd’ is hiertoe nie in staat nie. Hy kan die saak ‘kaal’ nie noem nie. Die resultaat is dat die *aanbieding* problematies word. Dus iets totaal anders as by

1 'n Mens sou ook 'n *verklaring* vir hierdie ironiese lesing kon vind in die sombere, tragiese toestand waarin Marais hom destyds as persoon en as Afrikaner bevind het, 'n toestand wat hom die persoonlike swartgalligheid van *Skoppensboer* en die nasionale pessimisme van *1902* kon ingeblaas het. 'n Dergelike verklaring is vir die linguistiese beskrywing - en trouens ook vir die literatuurkundige probleemstelling - nie ter sake nie.

die mede-versaakliking van die taalvorm waar dit die *aangebodene* is wat as probleem gegee word.

Hierdie lesing van die gedig is nie die konvensionele nie en daar sal ongetwyfeld oor die houdbaarheid daarvan gediskuteer kan word. En diegene wat daar nie mee saamstem nie, sal hulle stellig beroep op die ander beskikbare variante van *Winternag*:

(a)

En blink in die doflig en kaal,
En zoo wyd als die Heer se genade,
Leg die velde in sterlig en skade,...

(b)

En blink in die doflig
en kaal -
zó wijd as die Heer se genade -
die velde in ster-lig en schade.

Van die onderskikking, van die vergelykende bepaling by ‘kaal’ is daar nie in een van hierdie twee variante sprake nie. In (a) word ‘En zoo wyd als die Heer se genade’ *naas* ‘En blink in die doflig en kaal’ 'n adverbiale bepaling by ‘leg’. In (b) word die omstrede versreël eksplisiet in sy ‘onvanpastheid’ gegee deur die parentetiese aanbieding met aandagstrepe. Die ironiese sintaktiese versaaklikingswyse is hier nie aanwesig nie. Indien hier van ironie sprake is, sal dit enkel uit die ‘onvanpastheid’ van genade in hierdie konteks afgelei moet word.

Ons is dit hiermee ten volle akkoord, begin pas verskil wanneer die vergelyking toegelaat word om die beskrywing te affekteer. Wanneer die (a)- of (b)-lesings naamlik gebruik word om die ironiese versaaklikingswyse ‘weg te lees’ of te ontken. Dat dit die literêre waardebepaling van die betrokke versreël sal affekteer, is vanselfsprekend.

Hierdie heen-en-weer lees tussen die tekste - want ook die variant is in die eerste plek 'n self-standige teks - is verleidelik en taamlik gewoon. Hierdie verleidelike gewoonte

dank sy bestaan seker gedeeltelik daaraan dat daar nog steeds baie literatuurkundiges is wat hulle by voorkeur met 'n ‘oeuvre’ besig hou. Volgens hierdie literatore pak 'n mens 'n outeur nie aan voordat hy sy allerlaaste woord op papier gesit het nie. Eers ná die dood, so word dan geredeneer, is die werk as geheel gegee en is die literatuurkundige in staat tot 'n geheelbeeld.

Teen die poging tot so 'n geheelbeeld is daar natuurlik niks in te bring nie. En dat daar by die opstelling van 'n dergelike geheelbeeld heen-en-weer gelees en vergelyk sal word, lê voor die hand. Maar daar moet tussen primêr- en sekondêr-gegewe gehele onderskei word. Wat in eerste instansie aangebied word, is die enkel-kunswerk. Dié moet eers in sy selfstandigheid geken word - en die stilistiek op linguistiese grondslag pretendeer nou juis hierdie kennis - voordat die same-lesing en vergelyking begin.

Dit is dus slegs die vergelyking wat, bewus of onbewus, as beskrywing wil deurgaan waarteen gedurig gewaak moet word. Dit is hierdie dwaling wat toelaat dat die een gedig gebruik word om 'n ander gedig goed te praat. Dit mag nie. Die struktuurbreuk wat ons deskriptief vir ons teks vasgestel het, kan nie gelap word met behulp van gedeeltes uit die (a) of (b)-tekste nie. Waarmee ons glad nie beweer dat ons beskrywing juis móét wees nie. Maar die enigste repliek op hierdie beskrywing bly 'n nog suiwerder beskrywing.

Die bruikbaarheid vir die literatuurwetenskap van 'n beskrywende dissipline wat uiteindelik gerig is op die kontrole van die kontekstuele integrasie, kan ten slotte aangetoon word deur baie kortliks te wys op die belang van die *integrasie*-kwessie vir 'n literatuurwetenskap wat vandag op verskillende maniere op soek is na die ‘Gestalt’, na die ‘design’ of ‘pattern’ in die kunswerk.

‘Classification as art’, beweer Wellek en Warren, ‘should be distinguished from evaluation’[1]. Inderdaad. Waar die

1 *Theory of Literature*, bls. 16.

literatuurkundige wil vasstel waar hy dit met literatuur te make het, daar help dit nie om al dadelik die estetiese waardering as waterwyser te gaan gebruik nie. Die uiterste konsekwensie hiervan sou dan wees dat die literatuur gaan bestaan uit fragmente van kleiner of groter omvang. Die fragmentariese aard sal afneem by werke wat ons as die literatuur-in-engere-sin sou kon bestempel: dramas, gedigte, romans. Die literatuur sal daarenteen 'krimp' in die tekste wat maar 'toevallig' mooi is, byvoorbeeld 'n filosofiese traktaat. Gevolglik sal daar, met die 'skone' as uitgangspunt, haas geen werk wees wat nie ten minste 'n onderdeeltjie aan die literator ter keuring kom voorlê nie.

Vir die lokalisering van die literatuur-in-engere-sin gebruik Wellek en Warren as kriterium 'fictionality'[1]. Die woord in die literatuur verwys nie na die 'werklike' wêreld nie, maar na die wêreld-in-die werk - 'n kamma-wêreld met sy eie tyd-ruimtelike grense wat deur 'n besondere integrasie-wyse tot stand kom. Wolfgang Kayser laat hom so ongeveer in dieselfde trant uit. Die 'betekenisse' in die literatuur slaan nie meer 'auf reale Sachverhalte' nie: 'Die Sachverhalte haben vielmehr ein seltsam irreales, auf jeden Fall ein durchaus eigenes Sein, das von dem der Realität grundsätzlich unterschieden ist. Die Sachverhalte [...] ist nur als Gegenständlichkeit dieser dichterischen Sätze da. Und umgekehrt: die Sätze der Dichtung schaffen sich ihre eigene Gegenständlichkeit'[2]. Vir die literatuur-in-engere-sin is daar dus volgens Kayser twee kriteria: 'Das besondere Vermögen solcher literarischen Sprache, eine Gegenständlichkeit eigener Art hervorzurufen, und der Gefügecharacter der Sprache, durch den alles in dem Werk Hervorgerufene zu einer Einheit wird'[3].

Dat die stilistiek op linguistiese grondslag vir die lokalisering van hierdie 'woord'-wêreld uitermate ter sake is, be-

1 *Theory of Literature*, bls. 15 vlg.

2 *Das sprachliche Kunstwerk*, 1954[3], bls. 14.

3 *Das sprachliche Kunstwerk*, 1954[3], bls. 14.

hoef ná ons vorige hoofstukke geen betoog nie. Reeds in ons eerste hoofstuk is daar vir besondere gevalle van taalgebruik aangetoon - ons het uiteraard nie veralgemeen nie - dat daar *ìn* die konteks 'n kontrolebasis of integrasiespil geskep word vir die feitsake wat aangebied word[1]. En spesiaal vir die poësie wat deur rym en 'n sterk-gereguleerde ritme gekenmerk word, kon ons wys op die ‘gehegt-heid’ van hierdie wêreld waarin feitelike integrasie en klankvormintegrasie kan saamval[2].

Ten slotte dan nog die baie belangrike vraag of die stilistiese analise ook 'n voor-waarde kan wees vir die literêre waardebepaling. Dit sal weereens daarvan afhang of die literatuurwetenskap waarde heg aan die kontekstuele integrasie van die werk-wat-wêreld-is.

Dit is wèl die geval. Wellek en Warren betuig hulle instemming met die estetiese kriterium wat o.m. deur S.C. Pepper geformuleer is, naamlik ‘imaginative integration’ en ‘amount (and diversity) of material integrated’[3]. En Kayser beweer: ‘Was aber kennzeichnend für Dichtung und nun gerade stilschaffend ist, das ist neben der 'Ladung' der Wörter mit Gehalt das dauernde Walten der gleichen Perzeptionskategorien durch das Werk hin und ihr Zusammenklang zur Struktur, zum Gefüge’[4]. 'n Werk wat dan ook in hierdie sin ‘styl’ het, is vir Kayser 'n geslaagde werk.

Ons meen dat hierdie paar steekproewe genoeg is om aan te toon dat die stilistiek op linguistiese grondslag in meer as een opsig aan die literatuurkunde sy objek gee, naamlik 'n wetenskaplik-kontroleerbare beskrywing van wat daar in spesifieke taalgebruiksgevalle te kenne gegee is op die wyse van die taal.

1 Vergelyk hierbo bls. 17.
2 Vergelyk hierbo bls. 22-23.
3 *Basis of Criticism*, 1945, bls. 79. Aangehaal deur Wellek en Warren, *Theory of Literature*.
4 *Das sprachliche Kunstwerk*, 1954[3], bls. 298.

Die literatuurlys bevat nie alleen die gesiteerde of in teks of aantekeninge genoemde literatuur (met 'n * aangegee) nie. Ons voeg daar - bewus eklekties - 'n paar publikasies aan toe wat deur ons as onmisbaar of nuttig geag word in die veld van ondersoek wat ons in hierdie boek betree.

Vir die inleiding tot die linguistiese denke bly die klassieke (posthume) werk van FERDINAND DE SAUSSURE nog steeds die onmisbare grondslag, ondanks die neiging by sommige jonger linguiste om veral die nadruk te lê op 'n paar verouderde momente wat uit die aard van die saak in die werk aan te wys is. In sekere sin geld dit ook vir die werk van GARDINER, wat 'n meer beskeie plek in die linguistiek inneem, maar van helder waarneming van taalgebruik getuig en reeds dáárom gelees behoort te word naas meer as een al te teoreties en aprioristies sistematiese ontwerp van die sogenaamde ‘suiwer linguistiek’. Ons is owerigens van oordeel dat die Nederlands- of Afrikaans-talige leser die problematiek van die ‘suiwer linguistiek’ die beste by REICHLING kan benader.

Die handboeke registreer die snel toenemende literatuur op die gebied van die stilistiek. Vir die duidelike bepaal van die posisie van die stilistiek op linguistiese grondslag is 'n keuse dan ook onvermydelik. Vir die verhouding tot die literatuurkundige stilistiek wys ons op enkele publikasies van SPITZER en STAIGER, en veral ook op die gedagtewisseling tussen STAIGER, HEIDEGGER en SPITZER in *Trivium*. Nog belangriker ag ons 'n kennis van die Russiese Formalisme wat ons tydens die ondersoek en die skrywe van die boek slegs uit 'n paar korter publikasies van ERLICH en HARKINS geken het, maar wat nou in die onlangse werk van ERLICH bestudeer kan word.

Die problematiek van die tipologie is onmisbaar sodra 'n mens die terrein van die eie denkvorme en taalkultuur verlaat. 'n Eeu ná VON HUMBOLDT het CASSIRER hiervoor die groot gids geword. Ons noem daarnaas nog 'n paar studies, van CURTIUS, MAEDER en HUISMAN, wat die noodsaaklikheid van so 'n oriëntasie duidelik kan aantoon. Ten behoewe van die wat veral in die Nederlandse literatuurgeskiedenis tuis is, word 'n paar studies van HELLINGA daaraan toegevoeg.

Literatuurlys

CASSIRER, E., **An Essay on Man. An Introduction to a Philosophy of Human Culture*. New Haven, 1944[1].

-, *Language and Myth* (translated by Susanne K. Langer). New York-Londen, 1946.

-, **Philosophie der symbolischen Formen*, *I Die Sprache*. Berlin, 1923.

CURTIUS, E.R., *Europäische Literatur und lateinisches Mittelalter*. Bern, 1948.

DEKKER, G., **'n Stilistiese Ondersoek;* in: *Standpunte* nr. 19, Jrg. V, 3 (1951).

DUIJKER, H.C.J., **Extralinguale elementen in de spraak*. Amsterdam, 1946.

ERLICH, V., *Russian Formalism. History - Doctrine*. (Slavistic Printings and Reprintings IV, ed. C.H. van Schooneveld). 's-Gravenhage, 1955.

-, **The Russian Formalist Movement*; in: *The Partisan Review*. XX, 3 (1953).

EMPSON, W., **Seven Types of Ambiguity*. Londen, 1949[2].

GARDINER, A., **The Theory of Speech and Language*. Oxford, 1951[2].

GROOT, A.W. DE, **Structurele Syntaxis*. Den Haag, 1949.

GRÜNBAUM, A.A., **Sprache als Handlung*; in: Bericht über den XII. Kongress der Deutschen Gesellschaft für Psychologie. Jena, 1922.

HARKINS, W.E., **Slavic Formalist Theories in Literary Scholarship;* in: *Word*, VII, 2 (1951).

HEIDEGGER, M., *Zu einem Vers von Mörike;* in: *Trivium*, IX, 1 (1951).

HELLINGA, W. Gs, *De bereikbaarheid van Hooft's poëzie;* in: Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1946-1947. Leiden, 1948.

-, *De datering van de 'Roman van Limborch'* (Letterkunde 195); in: *De Nieuwe Taalgids* XLVI (1953), Hulde-nummer *Vooys voor De Vooys*.

-, **Interpretatie van de Nachtwacht. Een inleidende studie;* in: *De Gids* 118 (1955).

-, **Naamgevingsproblemen in de Reynaert*. Bijdragen en mededelingen der Naamkunde-Commissie van de Koninklijke Akademie van Wetenschappen III. Amsterdam, 1952.

HELLINGA, W. Gs, **De Neerlandicus als taalkundige* (Inaug. rede). Amsterdam, 1946.
-, **Perspectief der varianten;* in: bundel *Martinus Nijhoff*. Amsterdam-Den Haag, 1954.
-, **Principes linguistiques d'édition de textes;* in: *Lingua*, III, 3 (1953).
-, *De taal van Hooft;* in: *Kroniek voor Kunst en Kultuur*, VIII (1947).
-, *Verbijsterend Spel. Over enige varianten in P.C. Hooft's Sal nemmermeer gebeuren;* in: *Maatstaf*, I (1953).
HELLINGA, W. Gs en J. DU P. SCHOLTZ, **Structuurvergelijking tussen Nederlands en Afrikaans;* in: *Taal en Tongval*, VI (1954), Blancquaert-nummer.
HUISMAN, J.A., *Neue Wege zur dichterischen und musikalischen Technik Walthers von der Vogelweide. Mit einem Exkurs über die symmetrische Zahlenkomposition im Mittelalter* (Studia Litteraria Rheno-Traectina (ed. H. Sparnaay et W.A.P. Smit). Utrecht, 1950.
HUMBOLDT, W. VON, *Ueber die Verschiedenheit des menschlichen Sprachbaus und ihren Einfluss auf die geistige Entwicklung des Menschengeschlechts*. Berlin, 1836.
Faksimilegetreuer Nachdruk; Berlin, 1935.
KAYSER, W., **Das sprachliche Kunstwerk. Eine Einführung in die Literaturwissenschaft*. Bern, 1954[3].
-, **Kleine deutsche Versschule*. Bern, 1946.
LULOFS, F., **Verkenning door varianten. De redacties van het* UUR U *van M. Nijhoff stilistisch onderzocht* (ter perse).
MAEDER, H., **Versuch über den Zusammenhang von Sprachgeschichte und Geistesgeschichte* (Zürcher Beiträge zur Sprach- und Stilgeschichte I, ed. R. Hotzenköcherle - E. Staiger). Zürich, 1945.
NIENABER, C.J.M.N., **Die taal as tolk. 'n Stilistiese analise (van* M a r i a *deur Elisabeth Eybers*). Pretoria, 1953. (afgerol)
OLSON, E., *William Empson, *Contemporary Criticism and Poetic Diction;* in: *Critics and Criticism*, *Ancient and Modern;* ed. by R.S. Crane. Chicago, 1952.
PEPPER, S.C., **Basis of Criticism*. Cambridge (Mass.), 1945.
REICHLING, A., **Over essentiële en toevallige grammatica-regels* (openbare les). Groningen-Batavia, 1939.
-, **Over het personale aspect in het taalgebruik;* in: De Vooysbundel. Groningen-Batavia, 1940.
-, **De taal: haar wetten en haar wezen*; in: Eerste Nederlandse systematisch ingerichte encyclopaedie II. Amsterdam, 1947 (ENSIE).

REICHLING, A., *Wat is Algemene Taalwetenschap?* (Inaug. rede). Groningen-Batavia, 1947. Engelse vert. in Lingua I, 1 (1947).
-, **Het woord. Een studie omtrent de grondslag van taal en taalgebruik*. Nijmegen, 1935.
RICHARDS, I.A., **Principles of Literary Criticism*. London, 1924.
SARTRE, J.P., **Qu'est-ce que la littérature?;* in: *Les Temps Modernes*, II, 7 (1947).
SAUSSURE, F. DE, *Cours de linguistique générale*, (ed. Ch. Bally, A. Sechehaye, A. Riedlinger). Paris, 1949[4].
SCHOLTZ, H. VAN DER MERWE, **Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise. Eugène Marais: Die Towenares*. Amsterdam-Kaapstad-Pretoria, 1950.
-, **Stilistiek en literatuurwetenskap;* in: *Standpunte* nr. 21, Jrg. VI, 1 (1951).
SCHOLTZ, J. DU PLESSIS en W. Gs HELLINGA, **Structuurvergelijking tussen Nederlands en Afrikaans;* in: *Taal en Tongval*, VI (1954), Blancquaert-nummer.
SEIDLER, H., **Allgemeine Stilistik*. Göttingen, 1953.
SPINGARN, J.E., **The New Criticism;* in: *Criticism and America*. New York, 1924.
SPITZER, L., *Linguistics and Literary History;* in: *Linguistics and Literary History. Essays in Stylistics*. Princeton, New Jersey, 1948.
-, *Wiederum Mörikes Gedicht 'Auf eine Lampe';* in: *Trivium*, IX, 3 (1951).
STAIGER, E., **Die Kunst der Interpretation* (Allard Pierson Stichting, Afdeling voor moderne literatuurwetenschap, Universiteit van Amsterdam, Nr. 25). Groningen-Djakarta, 1951.
-, *Zu einem Vers von Mörike;* in: *Trivium*, IX, 1 (1951).
WELLEK, R. en A. WARREN, **Theory of Literature*. New York, 1949[3].
WERNER, H., **Comparative Psychology of Mental Development*, revised ed. Chicago, 1948.